- (c) Van die sewe lede van Tattersalls in Johannesburg (hierna Witwatersrand Tattersalls genoem) word drie benoem deur die Administrateur; twee word gekies deur die lede van sodanige Tattersalls, waarvan een uit en deur die gelisensieerde „bookmaker” lede van sodanige Tattersalls en een uit en deur die gewone lede van sodanige Tattersalls; en die orige twee word gekies op 'n vergadering bestaande uit een verteenwoordiger van elke persoon of vereniging van persone in besit van 'n lisensie vir die hou van wedrenbyeenkomste kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie op 'n renbaan binne 'n radius van vyf-en-twintig myl van die Algemene Poskantoor, Johannesburg.
- (d) Onderworpe aan die bepalings van paragraaf (b) hiervan, kan die Administrateur deur regulasie op sodanige manier as hy goeddink, Tattersalls instel op enige plek uitgenome Johannesburg.

62 PERSOONLIKE EN INKOMSTEBELASTINGS
WYSIGINGS.
PERDEWEDRENNE EN WEDDENSAPPE
WYSIGINGS.

Ord. No.
20 van
1930.

waar dit vir die eerste maal voorkom van die woorde in hakies:—

„(wanneer sodanige beampte 'n voltydse amptenaar is).”

Wysiging
van artikel
14 van
hoofwet

4. Artikel *veertien* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur paragraaf (a) te skrap en dit te vervang deur onderstaande nuwe paragraaf:—

„(a) versuim of nalaat om 'n opgaaf te doen of inligtings te verstrek soos en indien deur hierdie Ordonnansie vereis.”

Korte
tietel.

5. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel-eindes aangehaal word as die Persoonlike en Inkomstebelastings Wysigings Ordonnansie, 1930.

Ord. No.
21 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Perdewedrenne en Weddensappe
Ordonnansie 1927.

(Goedgekeur 26 Augustus 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 1 Oktober 1930.)*

(Engelse kopie deur Goeverneur-Generaal geteken.)

DIET WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

Herroeping
van
Artikels
16 en 17
van die
hoofwet.

1. Artikels *sestien* en *sewentien* van die Perdewedrenne en Weddensappe Ordonnansie, 1927 (verder die hoofwet genoem) word en is hierby herroep.

Wysiging
van
Artikel 20
van die
hoofwet

2. Artikel *twintig* van die hoofwet word en is hierby as volg gewysig:—

(1) deur onderstaande veranderinge in sub-artikel (1):—

(a) skrap die woord „Transvaal”;
(b) na die woord „plek” voeg in die woorde „of plekke en takke van enige sodanige plek of plekke”;

(2) deur die woorde „ter plase” te skrap in subartikel (2) en daarvoor in die plaas te stel die woorde „op enige sodanige plek of plekke of by enige tak van sodanige plek of plekke.”

* Proklamasie No. 97, *Prowinsiale Koerant*, gedateer 10 September 1930, bladsy 297.

jaar ” en vervang die deur die woorde: „, Indien die belasting meer as £10 bedra, dog hoogstens £25, teen 20 persent per jaar ”;

(b) skrap die voorbehoudsbepaling;

(2) deur onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg, terwyl die teenswoordige subartikel (4) subartikel (5) word:—

„ (4) Die bedrag van ’n boete of boetes opgelê kragtens die bepalings van hierdie artikel sal nie hoër wees as die bedrag van die betrokke belasting of belastings nie.”

2. Artikel *sewe* van die hoofwet word en is hierby gewysig as volg:— Wysiging van artikel 7 van hoofwet.

(1) deur in die Afrikaanse lesing die woord „ werker ” te skrap en dit te vervang deur die woord „ werkgewer ”;

(2) deur onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg terwyl die oorspronklike artikel subartikel (1) daarvan word:—

„ (2) In geval ’n persoon wat ’n werker is, in gebreke bly om die deur hom verskuldigde belasting of belastings op of voor die voorgeskrewe datum te betaal, sal die Inkomste-amptenaar bevoeg wees om die werkgewer met die wanbetaling van sodanige persoon in kennis te stel en met die bedrag van die belasting of belastings en boete wat hy verskuldig is, en daarop sal sodanige belasting of belastings ’n skuld wees wat ten laste van sodanige werkgewer kom vir die doeleindes van artikel *nege*; met dien verstande dat die werkgewer geregtig sal wees om die deur hom betaalde bedrag af te trek van enige bedrag wat hy skuldig is of later skuldig word aan sodanige werker; en verder met dien verstande dat die werkgewer nie aanspreeklik sal wees nie bo die bedrag wat hy aan sodanige werker skuldig is of skuldig word.”

3. Subartikel (2) van artikel *agt* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur opname na die woorde „, resident vrederegter ” Wysiging van artikel 8 van hoofwet.

Ord. No.
99 van
1930.

Wysiging
van artikel
twee-en-
tagtig van
die hoof-
wet.

7. Artikel *twee-en-tagtig* van die hoofwet word en is hierby gewysig:—

(a) deur die invoeging na die woord „, kragtens hierdie Ordonnansie” van die woorde:—

„, uitgenome besture van publieke hospitale wat in terme van artikel *vijf* geklassifiseer is as tweede klas oorgangshospitale;”

(b) deur onderstaande voorbehoudsbepaling daaraan toe te voeg:—

„, met dien verstande dat, in die geval van 'n publieke hospitaal, wat, soos voornoem, geklassifiseer is as 'n sentrale hospitaal, die Administrateur op aansoek van die bestuur, die vereistes betreffende die hou van registers kan ophef en daarna sal die bepalings van genoemde Ordonnansie ten opsigte van die hou van registers, nie van toepassing wees op sodanige hospitaal nie.”

Korte titel

8. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Publieke Hospitale Wysigings Ordonnansie, 1930.

Ord. No.
20 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Persoonlike en Inkomstebelastings Ordonnansie, 1928, in sekere opsigte.

(*Goedgekeur 11 Augustus 1930.*)

(*Datum van inwerkingtree, 27 Augustus 1930.*)

(*Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.*)

DIET WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

Wysiging
van artikel
4 van hoof-
wet.

1. Artikel *vier* van die Persoonlike en Inkomstebelastings Ordonnansie, 1928 (hieronder die hoofwet genoem), word en is hierby gewysig as volg:—

(1) In subartikel (3)—

(a) skrap die woorde: „, Indien die belasting meer as £10 bedra, dog hoogstens £25, teen 25 persent per

4. Paragraaf (2) van subartikel (4) van artikel *nege-en-twintig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur die weglating van die twee voorbehoudsbepalings en deur die te vervang deur die onderstaande nuwe voorbehoudsbepaling:—

Wysiging van artikel *nege-en-twintig* van die hoofwet.

Ord. No. 19 van 1930.

„ met dien verstande dat 'n bestuur onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur—

- (i) sodanige beamptes buite die goedgekeurde staf, vasgestel soos voornoem, kan benoem as dit raadsaam ag;
- (ii) aan enige beampte 'n hoër salaris of loon kan betaal as wat betaalbaar is ooreenkomstig die skaal van toepassing op sodanige beampte;
- (iii) enige beampte spesiaal kan verhoog binne die skaal van toepassing op sodanige beampte.”

5. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur die volgende nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

Wysiging van artikel *ses-en-veertig* van die hoofwet.

„ (3) 'n Bestuur kan, met goedkeuring van die Administrateur, in of aan die hospitaal onder sy toesig en beheer kosteloos ondersteuning verleen aan enige of alle van die volgende klasse van persone, as bevoorregte pasjente:—

- (a) lede van die bestuur of persone wat afhanklik van hulle is;
- (b) lede van die honorêre besoekende of gesalarieerde staf en persone wat afhanklik van hulle is;
- (c) mediese studente.”

6. Artikel *sewe-en-veertig* van die hoofwet word en is hierby as volg gewysig:—

Wysiging van artikel *sewe-en-veertig* van die hoofwet.

(1) In subartikel (2) deur die opname na die woord „ betaal ” van die volgende woorde:

„ in die geval van blankes en drie sjielings en ses pennies per dag en daarbo in die geval van nie-blankes.”

(2) Deur toevoeging tot subartikel (3) van die volgende woorde:

„ Die uitdrukking , geregistreeerde mediese praktisyn, ’ soos gebruik in hierdie subartikel, sluit in 'n mediese student.”

Ord. No.
19 van
1930.

'n vorm deur die Administrateur voorgeskryf ten opsigte van bedoelde persoon afgegee is deur die aalmoesener of ander amptenaar spesiaal vir die doel benoem, waaruit blyk dat bedoelde persoon nie in staat is om by te dra tot die koste van hospitaalbehandeling nie.

„Bevoorregte pasjent” beteken iemand wat, deurdat hy 'n lid is van 'n bestuur of van die honorêre of gesalarieerde staf van 'n bestuur, of van sodanige lid afhanklik is, of wat, deurdat hy 'n mediese student is, in die genot van ondersteuning wat kosteloos deur 'n bestuur verleen word kragtens bevoegdhede toegeken deur subartikel (3) van artikel *ses-en-veertig* van hierdie Ordonnansie.

(2) Deur opname na die woord „fonds” in die omskrywing van „bydraer” van die volgende woorde—

„of 'n skriftelike verpligting aangegaan het sodanige som ten volle of in paaielemente te betaal en binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van sodanige verpligting die betaling van sy skenking voltooi het, hetsy ten volle of tot 'n bedrag van nie minder as tien pond nie,”

Wysiging
van
artikel
tien van die
hoofwet.

2. Subartikel (1) van artikel *tien* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur opname van die woorde „vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie” oral waar hulle voorkom in paragrawe (b), (c), (d) en (e) van die woorde:—

„of telkens wanneer 'n nuwe bestuur ingestel word na bedoelde aanvang, in terme van artikel *ag* (2) (a) of (b).”

Wysiging
van
artikel
agtien van die
hoofwet.

3. Artikel *agtien* van die hoofwet word en is hierby herroep en word vervang deur onderstaande nuwe artikel:—

„18. Die instelling van 'n bestuur en alle handeling van die bestuur of van enige persoon wat as voorsitter, visevoorsitter, lid van die bestuur of sekretaris of superintendent fungeer (al na die geval mag wees) sal, niesteenstaande daar ontdek word dat daar 'n gebrek was in die verkiesing of benoeming van die persoon wat aldus fungeer of dat hy gediskwalifiseer was, net so geldig en doeltreffend wees as of die persoon behoorlik gekies of benoem en gekwalifiseer was.”

en niemand zal wegens geslacht onbevoegd zijn om tot kommissielid benoemd of gekozen te worden."

Ord. No.
18 van
1930.

2. (1) Daar sal geen geregtelike vervolging ingestel word teen die Administrateur of die Direkteur van Onderwys, al na die geval mag wees, nie, ten opsigte van iets gedoen of versuim onder die Onderwyswet, 1907, of enige wysiging daarvan, tensy die vervolging ingestel is voor die verstryk van twaalf maande na die daad van beweerde versuim.

Beperking
van
geregtelike
vervolging.

(2) Geen sodanige vervolging sal ingestel word nie binne tenminste een maand nadat die Administrateur of die Direkteur van Onderwys, al na die geval mag wees, skriftelik in kennis gestel is van die voorneme om sodanige vervolging in te stel. In sodanige kennisgewing moet die beweerde daad van versuim duidelik en uitdrukkelik vermeld word.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Onderwyswet Wysigingsordonnansie 1930.

Korte tittel.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928, in sekere opsigte.

Ord. No.
19 van
1930.

(Goedgekeurd 22 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 13 Augustus 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Artikel twee van die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928 (hierna die hoofwet genoem) word en is hierby gewysig

Wysiging
van
artikel
twee van die
hoofwet.

(1) deur die byvoeging van die volgende nuwe definiesies:—

„ Gratis pasjent ” beteken iemand (uitgenome 'n bevoorregte pasjent) wat van 'n bestuur van 'n publieke hospitaal kosteloos hulp ontvang en ten opsigte van wie subsidie betaalbaar is in terme van artikel *sewe-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie, met dien verstande dat niemand as 'n gratis pasjent tot 'n sentrale of 'n eerstegraads hospitaal sal toegelaat word nie, tensy 'n sertifikaat in

Ord. No.
17 van
1930.

Korte
tietel.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Transvaalse Onderwysers Pensioene Wysigings Ordonnansie, 1930, en moet as een geheel met die hoofwet gelees word.

Ord. No.
18 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Onderwyswet 1907.

(Goedgekeurd 22 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 13 Augustus 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

Wysiging
van
artikel
67 van die
Onder-
wyswet
1907.

1. Sub-artikel (1) van artikel *sewen-en-sestig* van die Onderwyswet 1907, soos gewysig deur artikel *twee* van die Onderwyswet Wysigingswet 1908, word en is hierby gewysig deur daarin te skrap die woorde vanaf „ en elke zodanige kommissie zal in dienst blijven gedurende een tydperk van drie jaren ” tot en met die woorde „ omdat hij een vreemde-ling is ” en die te vervang deur die woorde:—

„ en elke zodanige kommissie zal in functie blijven gedurende een tydperk van drie jaar. Elke meerderjarige blanke persoon is bevoegd om gekozen te worden tot lid van een schoolkommissie, mits hij woonachtig is binnen het schooldistrikt of binnen zes mijl van de grenzen daarvan, uitgezonderd—

- (a) iemand die te eniger tijd schuldig bevonden is aan een overtreding waarvoor gevangenisstraf met harde arbeid opgelegd is, tenzij hij algehele kwijschelding verkregen heeft of het tydperk van zijn gevangenisstraf verstreken is ten minste drie jaar voor de datum van zijn benoeming of verkiezing;
- (b) iemand die volgens de verklaring van een bevoegd hof gekrenkte geestvermogens heeft;
- (c) een ongerehabiliteerde insolvente schuldenaar;
- (d) een onderwijzer aan een school of inrichting, of een ambtenaar van het Departement;

stig die bepalings van die vorige subartikel sal 'n jaargeld ontvang soos vasgestel in subartikel (1) van artikel *agt* van die hoofwet, onderworpe aan 'n aftrekking van een-derde van een persent ten opsigte van elke maand of gedeelte daarvan wat die ouderdom van sodanige onderwyseres by aftreding onder die ouderdom van 55 jaar is.

Ord. No.
17 van
1930.

2. Paragraaf (a) van subartikel (b) van artikel *drie* van die Transvaalse Onderwysers Pensioene Ordonnansie, No. 5 van 1916, soos aangevul deur artikel *twee* van die Transvaalse Onderwysers Pensioene Wysigingsordonnansie, No. 12 van 1928, word en is hierby gewysig deur weglating van die volgende woorde:—

Wysiging
van Artie-
kel 3 van
hoofwet.

„ of wat na die voltooiing van 'n opleidingskursus in 'n inrigting in stand gehou deur die Departement in terme van artikel *ses-en-twintig* van die Onderwyswet, 1907, na 1 Januarie 1929 benoem word in 'n pos in terme van artikel *nege-en-sewentig* van die Onderwyswet, 1907.”

3. Elke onderwyser wat na die voltooiing van 'n opleidingskursus aan 'n inrigting in stand gehou deur die Departement in terme van artikel *ses-en-twintig* van die Onderwyswet, No. 25 van 1907, na 1 Januarie 1929 benoem was in 'n pos in terme van artikel *nege-en-sewentig* van die Onderwyswet, No. 25 van 1907, en wat op die datum van in werking tree van hierdie Ordonnansie tot die fonds bygedra het ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (b) van artikel *drie* van die Transvaalse Onderwyserspensioene Ordonnansie, No. 5 van 1916, soos aangevul deur artikel *twee* van die Transvaalse Onderwysers Pensioene Wysigingsordonnansie, No. 12 van 1928, sal vanaf sodanige datum nie meer bydra nie en aan hom sal die bedrag van sy eie bydraes tot die fonds terugbetaal word, saam met rente teen 3 persent per jaar bereken tot die datum van die in werking tree van hierdie Ordonnansie, en die bedrag van die bydraes betaál deur die Administrasie ten opsigte van sodanige onderwyser, sal aan die inkomste terugbetaal word saam met rente teen 3 persent bereken tot op die datum van die inwerking tree van hierdie Ordonnansie.

Terugbeta-
ling van by-
draes van
onderwy-
sers in
sekere
omstandig-
hede.

Ord. No.
16 van
1930.

(2) Die lede van die komitee van beheer van 'n pensioenfonds, of by gebreke van 'n komitee van beheer die lede van die plaaslike bestuur, sal nie aanspreeklik wees om enige tekort in die pensioenfonds te vergoed nie, maar sal alleen aanspreeklik wees vir somme geld wat hulle werklik ontvang het ten behoeve van die pensioenfonds.

(3) Alle regsvooreringe van 'n siviele aard deur of teen 'n pensioenfonds sal ingestel of geneem word deur of teen die pensioenfonds onder sy regsbevoegde naam soos vermeld in subartikel (1) van hierdie artikel en geen sodanige regsvoorering sal ingestel word teen 'n lid van 'n pensioenfonds individueel ten opsigte van 'n verpligting van die pensioenfonds alleen omrede dat hy 'n lid is nie.

HOOFSTUK V.

Herroeping
van Wet.

52. Subartikel (33) van artikel *nege-en-sewentig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, word hierby herroep, uitgenome ten opsigte van bestaande pensioenfondse van plaaslike besture wat nie hierdie Ordonnansie aangeneem het nie.

Korte
tietel en
datum van
in-werking-
treeding.

53. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Plaaslike Bestuur Pensioen Ordonnansie, 1930, en sal aanvang en in werking tree op 'n datum vasgestel by proklamasie van die Administrateur.

Ord. No.
17 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Transvaalse Onderwysers Pensioene
Ordonnansie No. 5 van 1916 in Sekere Opsigte.

(Goedgekeur 12 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 30 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal **BEPAAL** as volg:—

1. (1) Ongeag enige bepaling in die Transvaalse Onderwysers Pensioene Ordonnansie No. 5 van 1916, soos van tyd tot tyd gewysig (hierna die hoofwet genoem) kan 'n onderwyseres wat die ouderdom van 50 jaar bereik het, met pensioen aftree.

(2) 'n Onderwyseres wat aftree ooreenkom-

fikasie wat hy ontvang het, saam met samegestelde rente teen vier en 'n half persent per jaar, bereken vanaf die datum waarop hy sodanige gratifikasie ontvang het tot aan die datum of datums van betaling, en verder met dien verstande dat die som wat die fonds van die eerste plaaslike bestuur sal betaal aan die fonds van die plaaslike bestuur waarby hy hom aangesluit het, verminder sal word met die bedrag van genoemde gratifikasie, saam met samegestelde rente teen vier en 'n half persent per jaar, vanaf die datum waarop die gratifikasie betaal is tot aan die datum waarop hy by die tweede plaaslike bestuur in diens tree.

Ord. No.
16 van
1930.

49. 'n Beampte van 'n plaaslike bestuur wat ruil met 'n beampte van 'n ander plaaslike bestuur, vir 'n tydperk van ten hoogste een jaar, sal voortgaan om by te dra tot die pensioenfonds van die plaaslike bestuur vanwaar hy omgeruil word en sodanige plaaslike bestuur sal voortgaan om tot sodanige pensioenfonds by te dra; die bydraes wat aldus voortgeset word sal bereken word op die pensioendraende emolumente wat die beampte getrek het onmiddellik voor die datum waarop hy omgeruil is.

Rulling
van
beampte
tussen
Plaaslike
Besture.

50. 'n Beampte wat vir 'n tydperk van ten hoogste twee jaar tydelik werksaam gestel word by 'n ander plaaslike bestuur, sal gedurende bedoelde tyd voortgaan om by te dra tot die pensioenfonds van die plaaslike bestuur vanwaar hy tydelik werksaam gestel is, en die bydraes betaalbaar deur die plaaslike bestuur vanwaar hy tydelik werksaam gestel is sal betaal word deur die plaaslike bestuur waarna hy tydelik werksaam gestel is; sodanige bydraes sal bereken word na die pensioendraende emolumente wat die beampte getrek het onmiddellik voor die datum waarop hy tydelik werksaam gestel is.

Beampte
tydelik
werksaam
gestel
by 'n
ander
Plaaslike
Bestuur.

51. (1) Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie sal dit geag word dat elke pensioenfonds 'n liggaam met regsbevoegdheid is, en as sodanig sal alle eiendom wat daartoe behoort berus by die pensioenfonds onder sy eie naam. Met „ sy eie naam ” word bedoel die naam waarby die pensioenfonds bekend is in sy statute of in die skema ontwerp vir die aanneming van hierdie Ordonnansie of in die proklamasie van die Administrateur wat die statute van die pensioenfonds goedkeur.

Die fonds
kan
eiendom
hê en kan
dagvaar of
gedagvaar
word in sy
eie naam.

Ord. No.
16 van
1930.

—
Art. 48.

fonds, met dien verstande dat, as die bedrag in paaiemente betaal word, daarby samegestelde rente gevoeg moet word teen vier en 'n half persent per jaar, bereken vanaf die datum van verplasing.

- (vii) As die eerste oordragswaarde minder is as die tweede oordragswaarde, sal die beampte die balans betaal aan die tweede fonds, hetsy in een som of in paaiemente goedgekeur deur die komitee van beheer van die tweede fonds, met dien verstande dat, as die bedrag in paaiemente betaal word, samegestelde rente daarby gevoeg moet word teen vier en 'n half persent per jaar, bereken vanaf die datum van verplasing.
- (viii) As die eerste oordragswaarde minder is as die tweede oordragswaarde, terwyl die pensioendraende dienstyd in die tweede fonds dieselfde is as dié in die eerste fonds, sal die beampte die reg hê om die pensioendraende dienstyd in die tweede fonds te verminder, sodat die balans van oordragswaarde wat hy moet betaal verminder of vereffen word, maar nie in groter mate nie.
- (ix) Die oordragswaardes genoem in hierdie paragraaf sal vasgestel word deur 'n aktuaris.

(b) Die bepalings van subparagraaf (viii) van die vorige paragraaf sal toegepas word waar hulle van toepassing is op gevalle wat ontstaan ooreenkomstig die vorige subartikkel.

(c) Paragraaf (a) van hierdie subartikkel is van toepassing in enige geval waar een van die betrokke plaaslike besture geleë is in die Unie buite Transvaal, met dien verstande dat sodanige plaaslike bestuur of sy pensioenfonds dergelike wederkerige bepalings aangeneem het.

(5) As daar 'n gratifikasie betaal is kragtens artikels *twee-en-twintig*, *drie-en-twintig* of *vier-en-twintig*, en die beampte later in diens van 'n ander plaaslike bestuur tree, binne ses maande nadat hy die diens van die eerste plaaslike bestuur verlaat het, moet een van die vorige subartikels toegepas word as dit van toepassing is, met dien verstande dat die beampte aan die fonds van die plaaslike bestuur waarby hy hom aangesluit het in een som of in paaiemente, al na die komitee van beheer bepaal, betaal die bedrag van die grati-

sodanige pensioenfonds, betaal kan word in paaiemente, saam met samegestelde rente teen vier en 'n half persent per jaar.

Ord. No.
16 van
1930.

—
Art. 48.

(4) (a) In enige geval uitgenome dié vermeld in die vorige subartikel van hierdie artikel, waar 'n beampte oorgaan uit die diens van 'n plaaslike bestuur na die diens van 'n ander plaaslike bestuur, binne ses maande nadat hy die diens van die eerste plaaslike bestuur verlaat het, en waar elke sodanige plaaslike bestuur 'n pensioenfonds het, sal die volgende bepalings van toepassing wees:—

- (i) In hierdie paragraaf word die plaaslike bestuur en die pensioenfonds waaruit die beampte oorgaan respektieflik die eerste bestuur en die eerste fonds genoem, en die plaaslike bestuur en die pensioenfonds waarna hy oorgaan respektieflik die tweede bestuur en die tweede fonds genoem.
- (ii) Die beamptes moet voldoen aan die voorwaardes vasgestel vir bevoegdheid as lid in die tweede fonds, uitgesonderd dié wat voorsiening maak vir 'n maksimum ouderdom of vir bewyse van gesondheid.
- (iii) Vanaf die datum van verplasing moet die beampte tot die tweede fonds bydra teen die tarief van toepassing op sy ouderdom by die begin van sy pensioendraende dienstryd met die eerste fonds, of van toepassing op sodanige later datum vanaf welke hy verkies sy pensioendraende dienstryd sal begin in die tweede fonds.
- (iv) Die eerste fonds sal aan die tweede fonds die bedrag betaal wat dit besit ten opsigte van die beampte op die datum van verplasing, wat die eerste oordragswaarde genoem word.
- (v) Die tweede fonds sal die bedrag ontvang wat dit behoort te besit ten opsigte van die beampte op die datum van verplasing, rekening houdende met die pensioendraende dienstryd voor daardie datum, wat die tweede oordragswaarde genoem word.
- (vi) As die eerste oordragswaarde groter is as die tweede oordragswaarde, sal die tweede fonds die balans betaal aan die beampte, hetsy in een som of in paaiemente goedgekeur deur die komitee van beheer van die tweede

Ord. No.
16 van
1930.

—
Art. 48.

plaaslike bestuur getree het, sal die fonds van die eerste plaaslike bestuur aan die fonds van die tweede plaaslike bestuur 'n oordragswaarde betaal wat vasgestel sal word ooreenkomstig die bepalings wat die Administrateur vir die doel maak [hierna in subartiekels (1), (2) en (3) van hierdie artikel „oordragswaarde” genoem] en die beamppte kan aanspraak maak op sodanige regte ten opsigte van dienstyd voor die datum van verplasing as waartoe hy geregtig sou gewees het as sodanige dienstyd alleen by die tweede plaaslike bestuur was.

(2) 'n Beamppte wat oorgaan van die diens van 'n plaaslike bestuur wat geen pensioenfonds het nie, na die diens van 'n tweede plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het, binne ses maande nadat hy uit die diens van die eerste plaaslike bestuur getree het, sal, as hy in plek van genoemde oordragswaarde 'n som of somme betaal wat vasgestel word ooreenkomstig bepalings wat die Administrateur sal maak, geregtig wees om dienstyd by die eerste plaaslike bestuur heeltelmal of gedeeltelik te reken ooreenkomstig die bedrag van die som aldus betaal en ooreenkomstig sodanige bepalings.

(3) As 'n beamppte wat onderworpe is aan die bepalings van Hoofstuk II oorgaan uit die diens van 'n plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het na die diens van 'n tweede plaaslike bestuur wat nie hierdie Ordonnansie aangeneem het nie, maar wat 'n pensioenfonds het, binne ses maande nadat hy die diens van die eerste plaaslike bestuur verlaat het, sal die fonds van die eerste plaaslike bestuur aan die pensioenfonds van die tweede plaaslike bestuur 'n oordragswaarde betaal, en in daardie geval kan die beamppte aanspraak maak op sodanige regte ten opsigte van dienstyd voor die datum van verplasing as waarop hy aanspraak kon gemaak het as sodanige diens by die tweede plaaslike bestuur was; met dien verstande dat enige verskil tussen sodanige oordragswaarde en die bedrag wat die pensioenfonds van die tweede plaaslike bestuur sou ontvang het ten opsigte van die beamppte, op die datum van verplasing soos bereken deur 'n aktuaris, aan sodanige pensioenfonds betaal word deur die beamppte, of uit sodanige pensioenfonds aan die beamppte, al na die geval mag wees; maar verder met dien verstande dat enige sodanige verskil, na goedvinde van die komitee van

Ord. No.
16 van
1930.

- die hydraes betaal deur elke sodanige plaaslike bestuur ten opsigte van die lopende diens van sy beamptes gedurende die finansiële jaar ten opsigte waarvan die hydrae betaalbaar is;
- (g) subartikel (1) van artikel *een-en-veertig* is nie van toepassing op die gemeenskaplike fonds nie en dit word vervang deur die volgende subartikel: „ Die beheer en leiding van die gemeenskaplike fonds berus by 'n algemene komitee, en sodanige algemene komitee sal 'n kleiner komitee van beheer kies met al die bevoegdhede wat voorheen berus het by die algemene komitee, en sodanige komitee van beheer sal bevoeg wees om 'n bestuur of ander subkomitee te benoem met sodanige opgedra bevoegdhede as nodig geag word. Sodanige komitee sal saamgestel wees uit 'n gelyke aantal lede genomineer deur die plaaslike besture en lede gekies deur lede van die gemeenskaplike fonds ”;
- (h) die skema genoem in subartikel (2) van artikel *een-en-veertig* sal voorsiening maak vir die aantal lede van elke komitee genoem in die vorige paragraaf en vir die wyse en tye van verkiesing of benoeming van elke sodanige komitee;
- (i) in artikel *vyf-en-veertig* word die woorde „ die plaaslike bestuur ” vervang deur die woorde „ die meerderheid van die plaaslike besture wat die gemeenskaplike fonds vorm. ”

HOOFSTUK IV.—GEMENGDE BEPALINGS.

47. Die bepalings van hierdie hoofstuk is van toepassing op elke pensioenfonds of plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het of miskien later sal aanneem en op sodanige ander wat hierdie hoofstuk aanneem as 'n byvoeging by die statute van sy pensioenfonds.

Toepassing
van die
Hoofstuk.

48. (1) As 'n beampte wat onderworpe is aan die bepalings van Hoofstuk II oorgaan van die diens van 'n plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het, na die diens van 'n ander plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het, binne ses maande nadat hy uit die diens van die eerste

Verplasing
van
beampte
van een
Plaaslike
Bestuur
na 'n ander
Plaaslike
Bestuur.

Ord. No.
16 van
1930.

Art. 46.

- plaaslike bestuur wat ook daarby aangesluit is nie, wat beskou kan word as verlof sonder salaris en wat die komitee kan kondoneer; en
- (ii) insluit dienstyd by alle plaaslike besture wat aangesluit is by die gemeenskaplike fonds;
- (c) artikel *vyf-en-twintig* is van toepassing op 'n lid wat uit die diens tree van 'n plaaslike bestuur wat aangesluit is by die gemeenskaplike fonds en wat binne 'n tydperk van twaalf maande in diens geneem word deur 'n ander plaaslike bestuur wat daarby aangesluit is, met dien verstande dat die ander bepalings van genoemde artikel ook van toepassing is;
- (d) die bepalings van subartikel (2) van artikel *agt-en-twintig* is van toepassing met die volgende byvoeging—
„ As daar onder die gemeenskaplike fonds 'n surplus of tekort ontstaan deur enige oorsaak, uitgenome veranderinge in die sterfte of geskatte toekomstige sterfte van lede of berekening van die aktuaris vir verandering of hersiening tengevolge van salaris- of loonsomstandighede, of berekening van die aktuaris vir pensioene om gesondheidsredes, sal die tariewe van bydrae van die plaaslike bestuur nie verander word nie, en in plek daarvan sal die voordele verhoog of die tariewe van bydrae betaalbaar deur lede verhoog of verlaag word, al na die toestand dit vereis ”;
- (e) enige bedrag betaalbaar deur die plaaslike bestuur kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *ses-entertig* sal bygedra word deur die plaaslike besture wat by die gemeenskaplike fonds aangesluit is na verhouding van die bydraes betaal deur elke sodanige plaaslike bestuur ten opsigte van die lopende diens van sy beamptes wat nie onder die bepalings van Hoofstuk II kom nie gedurende die finansiële jaar ten opsigte waarvan die bedrag betaalbaar is;
- (f) enige bydrae betaalbaar deur die plaaslike bestuur kragtens die bepalings van subartikel (3) van artikel *agt-entertig* sal bygedra word deur die plaaslike besture wat by die gemeenskaplike fonds aangesluit is na verhouding van

Ord. No.
16 van
1930.

43. (1) Onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur kan die komitee van tyd tot tyd bepalings maak vir sy eie leiding, of om die afhandeling van die sake van die fonds te vergemaklik, mits sodanige bepalings nie in stryd is met hierdie Ordonnansie of met die gees of doeleindes van die fonds nie.

Komitee
word
toegelaat
om
bepalings
te maak.

(2) Die komitee kan van tyd tot tyd geskikte bepalings aanneem in die geval van stukwerk of ander werkers vir die berekening van die jaarlikse pensioendraende emolumente, en sodanige bepalings sal voorsiening maak dat die maandelikse pensioendraende emolumente waarop bydraes uitbetaal word, een twaalfde sal wees van sodanige jaarlikse pensioendraende emolumente.

44. Die komitee sal die boeke en rekeninge van die fonds ten minste eenmaal per jaar laat ouditeer.

Jaarlikse
Oudit.

45. Enige bepalings of regulasies van die fonds of van die skema vir die aanneming van hierdie Ordonnansie kan van tyd tot tyd deur die komitee verander of gewysig word, onderworpe aan die goedkeuring van—

Wysiging
van
bepalings
van
skema.

- (a) die plaaslike bestuur;
- (b) die meerderheid van die lede van die fonds; en
- (c) die Administrateur;

met dien verstande dat enige verandering wat hoogs waarskynlik van invloed sal wees op die finansiële posisie, ook goedgekeur moet word deur 'n aktuaris.

HOOFSTUK III.—ADDISIONELE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE GEMEENSKAPLIKE FONDS.

46. Die bepalings van Hoofstuk II is *mutatis mutandis* van toepassing op die gemeenskaplike fonds, onderworpe aan onderstaande wysiginge—

Toepassing
van
Hoofstuk
II op
Gemeen-
skaplike
Fonds.

- (a) in artikel nege sal „komitee” insluit die algemene komitee en die komitee van beheer genoem in paragraaf (g) van hierdie artikel;
- (b) „onafgebroke diens tyd” omskrywe in artikel nege, sal ten opsigte van diens tyd op of na die datum genoem in artikel vier—

- (i) nie beskou word as onderbreek deur onderbrekings van diens tyd gedurende oorplasing van een plaaslike bestuur wat by die gemeenskaplike fonds aangesluit is, na 'n ander

Ord. No.
16 van
1930.

nansie omdat 'n lid op aktiewe militêre diens was, sal, nadat die feite bewys is tot bevrediging van die komitee, heeltemal buite beskouing gelaat word, en die tydperk van sodanige dienstyd sal ingesluit word in die tydperk van onafgebroke dienstyd. Die pensioendraende emolumente van die lid onmiddellik voor hy aan sodanige militêre diens deelgeneem het, sal behandel word as sy pensioendraende emolumente gedurende die tydperk van sodanige militêre diens.

Komitee.

41. (1) Die beheer en leiding van die fonds sal berus by 'n komitee van beheer, saamgestel uit lede genomineer deur die plaaslike bestuur en 'n gelyke aantal lede gekies deur lede van die fonds.

(2) Die skema vir die aanneming van hierdie Ordonnansie sal *onder ander* die volgende besonderhede betreffende die fonds insluit:—

- (a) die aantal lede;
- (b) die wyse van benoeming van 'n voorsitter;
- (c) die wyse en tye van nominasie of verkiesing van lede;
- (d) die kworum vereis vir afhandeling van sake;
- (e) die wyse van benoeming van 'n subkomitee of andersins as dit noodsaaklik of wenslik geag word.

Bevoegd-
hede van
die
komitee

42. Onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie besit die komitee die bevoegdheid om alle aansoeke vir toelating tot die fonds te ondersoek, goed te keur, te bekragtig of te verwerp, met dienverstande egter dat enige persoon van wie die aansoek verwerp is, die reg sal hê om hom te beroep op die Administrateur wie se beslissing finaal sal wees; om alle kwessies waarvoor origens geen voorsiening gemaak is ten opsigte van bydraes, te vereffen; om die tydperke van dienstyd waarvoor bydraes gemaak kan word of wat ingesluit kan word vir pensioendoeleindes te ondersoek, goed te keur of vas te stel; om alle vordering teen die fonds te reël en daaroor te beslis; om magtiging te verleen vir die betaling van vordering teen die fonds; om magtiging te verleen vir die betaling van alle pensioene, voordele of terugbetalings, en om al die pligte in terme van, en soos voorgeskryf in hierdie hoofstuk, uit te voer en te vervul.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op enige fondse belê op die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie totdat sodanige fondse beskikbaar word vir nuwe belegging.

Ord. No.
16 van
1930.

(3) As die rentekoers verkry op al die gelde (met inbegrip van enige onbelegde gelde) van die fonds gedurende enige finansiële jaar laer is as vier en 'n half persent, sal die plaaslike bestuur so'n som tot die fonds bydra as, indien dit gevoeg word by die rente wat werklik verkry is, die koers gedurende sodanige finansiële jaar tot vier en 'n half persent sou verhoog.

Vir hierdie doel sal die rentekoers gedurende 'n finansiële jaar bereken word deur die rente verkry gedurende sodanige jaar, te deel deur 'n bedrag gelyk aan die gemiddelde van die fonds by die begin en aan die end van sodanige jaar mienus die helfte van sodanige rente.

39. (1) Die komitee kan volstreek na eie goedwinde op versoek van die betrokke lid, en onderworpe aan die oorlegging van 'n bevredigende mediese sertifikaat, 'n jaargeld van ses-en-dertig pond of daaronder omset in 'n enkele kontantbetaling deur die aktuaris bereken ooreenkomstig die tydperk gedurende welke die betrokke lid verwag kan word om die jaargeld te trek.

Omsetting
van
jaargelde.

(2) Die komitee kan, op versoek van die betrokke lid, in dergelike omstandighede, sodanige gedeelte van 'n jaargeld wat nie meer as een-derde daarvan bedra nie, omset in 'n enkele kontantbetaling wat op dieselfde wyse bereken word.

40. (1) Ten opsigte van beamptes in diens van 'n plaaslike bestuur wat op die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie nie aangesluit is by 'n pensioenfonds nie, kan die komitee, by die beslissing watter deel van die dienstyf voor sodanige datum ingesluit kan word vir pensioendoeleindes en, onderworpe aan subartikel (2) van hierdie artikel, onderbrekings van dienstyf van ten hoogste twaalf maande kondoneer, maar sodanige onderbrekings moet behandel word as verlof sonder salaris en sal nie meegetel word by die berekening van die tydperk van onafgebroke dienstyf nie.

Wanneer
onder-
brekings
van
dienstyf
gekondoneer kan
word.

(2) Enige onderbreking van dienstyf voor die datum van aanneming van hierdie Ordon-

Ord. No.
16 van
1930.

like bestuur in sodanige jaar betaal het ten opsigte van die lopende diens van lede wat nie onder die bepalings van hierdie hoofstuk kom nie, tot die totale bydraes wat sodanige plaaslike bestuur in sodanige jaar betaal het ten opsigte van die lopende diens van lede.

Bewyse
van
ouderdom
moet
oorgelê
word.

37. Elke lid moet binne ses kalendermaande vanaf die aanvang van bydraes tot die fonds bewyse van ouderdom tot bevrediging van die komitee oorlê.

Belegging
van
fondse er
waarborg
van rente

38. (1) Die belegging van alle gelde wat nie vereis word tot dekking van die lopende koste van die fonds sal geskied na goedvinde van die komitee wat gemagtig is om op enige van die volgende maniere te belê—

- (a) in die Posspaarbank of in die spaarbank van enige bank of instelling wat beheer word volgens die bankwette van die Unie, of op vaste deposito of opvorderbaar, by enige sodanige bank of instelling of by enige plaaslike bestuur in die Unie;
- (b) in Skatkiswissels, Unie-leningsertifikate of Spaarbanksertifikate uitgereik deur of namens die Unie-regering, of in effekte, sekuriteite of fondse uitgereik of gewaarborg deur die Unie-regering;
- (c) in die effekte, fondse of obligasies van, of in lenings aan, enige Prowinsiale Administrasie, plaaslike bestuur of publieke liggaam in die Unie wat volgens wet gemagtig is om geld te leen;
- (d) op eerste verband op eiendom in Transvaal wat eerste klas huurgelde oplewer, terwyl die bedrag van die verband in geen geval meer mag bedra as vyftig persent van die markwaarde van die eiendom soos aangetoon deur 'n bedigde taksateur;
- (e) in sodanige ander sekuriteit of sekuriteite wat individueel of as 'n klas goedgekeur word deur die Administrateur;
- (f) onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur wat vooraf verkry moet word, in Goewermentsekuriteite van die Verenigde Koninkryk of enige ander dominium of kolonie van die Verenigde Koninkryk.

Ord. No.
16 van
1930.

35. (1) Enige bydraende lid van wie die pensioendraende emolumente verminder word om enige rede, uitgenome wangedrag, of enige bydraende lid wat uit die diens van 'n plaaslike bestuur met laer pensioendraende emolumente oorgaan na die diens van 'n ander plaaslike bestuur van wie se fonds hy lid word (mits hy die diens van die vorige plaaslike bestuur nie weens wangedrag verlaat het nie) sal toegelaat word om na keuse met sy bydraes voort te gaan of om sy bydraes te maak op die basis van sy hoër pensioendraende emolumente, en as hy van hierdie keuse gebruik maak, sal enige voordele kragtens hierdie hoofstuk betaalbaar ten opsigte van sodanige lid, bereken word asof sodanige hoër pensioendraende emolumente sou voortgegaan het om betaalbaar te wees.

Hoe gehandel moet word in geval van vermindering van pensioendraende emolumente of diensure.

(2) Wanneer die gewone diensure van 'n afdeling lede verminder is as 'n besuinigingsmaatreeël sal sodanige lede voortgaan om by te dra op die emolumente waarop hulle bygedra het onmiddellik voor die vermindering en vir alle doeleindes van die fonds sal die emolumente waarop 'n lid bydra beskou word as sy pensioendraende emolumente.

36. (1) Alle koste in verband met of behorende by die beheer of administrasie van die fonds, sowel as die koste van die oudit en die ondersoek van die aktuaris, word gedra deur die fonds; met dien verstande dat in die geval van die gemeenskaplike fonds die reiskoste nodig vir die beheer van die fonds in gelyke aandeel gedra word deur die plaaslike bestuure wat daarby aangesluit is.

Hoe die koste van beheer gedra word.

(2) Ongeag die bepalinge van die vorige subartikkel, sal, as daar in 'n skema vir die aanneming van hierdie Ordonnansie bepaal is dat lede van 'n bestaande pensioenfonds op die datum van aanneming die reg sal hê om te kies om nie onder die bepalinge van hierdie hoofstuk te kom nie en as die plaaslike bestuur deur die reëls van sodanige pensioenfonds vereis was om die administrasiekoste te dra, die plaaslike bestuur voortgaan om sodanige koste te betaal ten opsigte van sodanige lede wat verkies om nie onder die bepalinge van hierdie hoofstuk te kom nie. Die bedrag wat die plaaslike bestuur aan die fonds moet betaal ten opsigte van enige finansiële jaar sal na verhouding sodanige gedeelte van die totale koste vir sodanige jaar wees as die verhouding van die bydraes wat sodanige plaas-

Ord. No.
16 van
1930.

Uitwerking
van
veroorde-
ling weens
misdaad
op
jaargelde.

31. (1) As iemand wat 'n jaargeld trek voor 'n hof skuldig bevind word aan 'n misdaad of oortreding, en daarvoor veroordeel word tot die doodstraf of gevangenstraf vir die tyd van meer as twaalf maande, sonder opsie van boete, sal die jaargeld nie meer aan sodanige persoon betaal word nie, en in plek daarvan sal die jaargeld gedurende opsluiting van sodanige persoon betaal word aan die persone wat afhanklik van hom is.

(2) Telkens wanneer die betaling van 'n jaargeld opgehou het ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel, sal dit weer uitbetaal word nadat die betrokke persoon uit die gevangenis ontslaan is en sal hy die jaargeld ontvang teen dieselfde tarief en onder dieselfde omstandighede as voor sy opsluiting, saam met enige bedrae wat hom toekom en wat nie uitbetaal is kragtens die bepalings van subartikel (1) hiervan nie.

Vordering
vir letsel
ontstaan
in en deur
die diens.

32. Niks in hierdie hoofstuk sal op enige manier van invloed wees op die reg wat enige lid of persone wat van hom afhanklik is mag hê om skadevergoeding te eis kragtens enige wet op kompensasie of skadevergoeding aan werksmense wat beseer is of gesterwe het tengevolge van enige ongeluk ontstaan deur of in die loop van hulle werksaamhede en die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie hoofstuk sal nie verminder of beïnvloed word omrede van enige betaling wat gemaak word ingevolge sodanige wet nie.

Plaaslike
Bestuur
het
reten-
siereg op
voordele
vir
verskul-
digde
gelde.

33. 'n Plaaslike bestuur het, ten opsigte van enige skuld van 'n lid aan sodanige plaaslike bestuur, 'n retensiereg op enige jaargeld, gratifikasie of ander voordeel betaalbaar aan of ten opsigte van sodanige lid ingevolge die bepalings van hierdie hoofstuk.

Plaaslike
Bestuur
kan
spesiale
toeken-
nings
maak.

34. Niks in hierdie hoofstuk sal geag word 'n plaaslike bestuur te verhinder om aan enige lid wat op die vasgestelde datum in diens van sodanige plaaslike bestuur was, of aan die persone wat afhanklik van hom is, ten opsigte van die dienstyd van sodanige lid by sodanige plaaslike bestuur of by 'n ander plaaslike bestuur of andersins, 'n spesiale betaling of jaarlikse of ander toekenning te maak, buite en behalwe enige jaargeld of voordeel wat sodanige lid of die persone wat afhanklik van hom is, geregtig mag wees om uit die fonds te ontvang, met dien verstande dat sodanige plaaslike bestuur bedoelde spesiale toekenning af toelae uit sy eie inkomste moet betaal.

formuleer wat dieselfde uitwerking sal hê as 'n skema wat die komitee ingedien het en wat deur hom goedgekeur is.

Ord. No.
16 van
1930.

(5) Geen skema ingevolge hierdie artikel mag bepaal dat wanneer aan 'n persoon 'n pensioen toegeken is, dit, in die geval van 'n jaargeld verminder sal word nie, of, dat in die geval van 'n gratifikasie, van hom geëis sal word om 'n gedeelte daarvan terug te betaal nie.

29. Geen pensioen of reg op 'n pensioen kan oorgedra of oorgemaak of op ander wyse afgestaan, of verpand word nie, nog sal dit, of enige bydrae betaal deur of vir 'n lid blootstaan aan enige vorm van beslaglegging ingevolge vonnis of bevel van 'n gereghof nie, en in geval die benefisiant probeer om 'n pensioen of reg daarop oor te dra of oor te maak of andersins af te staan of te verpand, kan betaling daarvan teruggehou, geskors of heeltetal gestaak word as die komitee dit bepaal; met dien verstande dat die komitee kan beveel dat sodanige pensioen of gedeelte daarvan betaal word aan een of meer afhanklikes van die begunstigde of aan 'n kurator vir sodanige afhanklike of afhanklikes gedurende sodanige tydperk as dit dienstig ag.

Pensioene, ens., kan nie oorgedra word en daar kan geen beslag op gelê word nie.

30. (1) As die boedel van enige persoon wat 'n jaargeld trek gesekwestreer of oorgegee of oorgedra word ten voordele van sy krediteure, sal die jaargeld onmiddellik ophou; met dien verstande dat, in enige sodanige geval, die gehele jaargeld of 'n gedeelte daarvan, betaal kan word aan of ten voordele van die persone wat afhanklik van hom is. As dit betaal word aan sodanige persoon sal dit wees vir sy eie persoonlike gebruik en kan nie op enige wyse gevat, in beslag geneem, verkoop of toegeëien word deur die kurator in die bankrot-skap of deur enige prokurasiehouer of deur sy krediteurs nie, ongeag enige teenstrydige bepaling in enige wet met betrekking tot bankrot-skap.

Watter uitwerking bankrot-skap op jaargelde het.

(2) Telkens wanneer 'n jaargeld opgehou het ingevolge hierdie artikel, sal dit weer uitbetaal word by rehabilitasie van die insolwente persoon, en hy sal 'n jaargeld ontvang teen dieselfde tarief en onder dieselfde omstandighede as voor die sekwestrasie, oorgawe of oordrag, saam met enige agterstallige bedrae wat hom toekom.

Ord. No.
16 van
1930.

streke gedeelte van voornoemde tydperk van vyf jaar, of 'n gratifikasie gelyk aan die verskil tussen 'n som gelyk aan vyfmaal daardie jaargeld en die bedrag aan jaargeld wat voor sy oorlyde aan hom of vir hom betaal is.

(3) As 'n afhanklike of afhanklikes geen vordering instuur binne 'n tydperk van ses maande na die dood van 'n lid nie, sal aange- neem word dat daar geen afhanklike of hanklikes bestaan nie, en die bedrag van die bydraes wat die oorlede lid werklik betaal het, mienus die bedrag wat hy ewentueel ontvang het aan jaargeld, sal daarop aan sy boedel betaal word en daarna sal daar geen vordering jeens die fonds wees ten opsigte van sodanige oorlede lid nie.

Waardering
van fonds
deur
aktuaris.

28. (1) Ten minste eenmaal in elke vyf jaar sal die komitee die toestand van die fonds voorlê aan 'n aktuaris wat 'n waardering van die bate en laste van die fonds sal maak. Die aktuaris sal rapport uitbring regstreeks aan die komitee (wat onmiddellik na ontvangs daarvan 'n kopie van die rapport aan die Administrateur sal voorlê) en sal in sy rapport melding maak van die gegewens en werkwyses wat hy by sy ondersoek en waardering gebruik het. Hy sal melding maak van enige surplus of tekort wat voorkom en sal verklaar waarom, syns insiens, bedoelde surplus of tekort (al na die geval mag wees) ontstaan het en watter stappe geneem moet word om daarmee te handel.

(2) Wanneer na enige sodanige waardering die aktuaris verklaar dat daar 'n aanmerklike tekort of 'n beskikbare surplus is, sal die komitee aan die Administrateur 'n skema voorlê, goedgekeur deur die aktuaris, vir beskikking oor die surplus of vir aansuiwering van die tekort. Die voordele kan vermeerder word, of die tariewe van bydrae kan verhoog of verlaag word, al na die toestand dit vereis, met dien verstande, dat in enige skema die tariewe van bydrae van die plaaslike bestuur nie laer sal wees as die tariewe van toepassing op lede nie.

(3) Waar die Administrateur enige sodanige skema goedkeur sal die komitee onmiddellik uitvoering daaraan gee.

(4) As binne nege maande na ontvangs van sodanige rapport die komitee versuim om 'n skema kragtens hierdie artikel in te dien, of 'n skema in te dien wat die Administrateur goedkeur, sal die Administrateur 'n skema

25. As 'n lid die diens van 'n plaaslike bestuur verlaat om enige rede uitgenome aftreding met 'n jaargeld of ontslag, en as hy binne 'n tydperk van twaalf maande daarna weer deur dieselfde plaaslike bestuur in diens geneem word, sal die onderbreking van sy dienstyd gekondoneer word en sal hy weer tot die fonds hydra vanaf die datum waarop hy weer in diens geneem word, met dien verstande dat, as aan hom 'n gratifikasie uitbetaal is kragtens artikel *twee-en-twintig, drie-en-twintig* of *vier-en-twintig*, die lid in een som of in paaiemente goedgekeur deur die komitee, aan die fonds sal terugbetaal die bedrag van sodanige gratifikasie plus samegestelde rente teen vier en 'n half persent per jaar, vanaf die datum waarop hy sodanige gratifikasie ontvang het tot die datum of datums van terugbetaling.

Lid wat weer in diens van Plaaslike Bestuur tree.

Ord. No.
16 van
1930.

26. As 'n lid ontslaan word uit die diens van 'n plaaslike bestuur tengevolge van ernstige wangedrag, oneerlikheid of bedrog, of as hom toegelaat word om af te tree of te bedank om ontslag te voorkom, sal die bydraes wat hy werklik betaal het aan hom terugbetaal word en sal hy ophou om 'n lid van die fonds te wees, met dien verstande dat, as, tengevolge van sy gedrag die plaaslike bestuur geldelike verlies gely het, die bedrag van sodanige verlies afgetrek word van sodanige terugbetaling en uitbetaal word aan die plaaslike bestuur as 'n preferente skuld.

Ontslag uit die diens.

27. (1) As 'n lid sterwe terwyl hy nog in diens van 'n plaaslike bestuur is, sal die ewentuele persone wat van hom afhanklik is 'n gratifikasie ontvang gelyk aan ag en een derde persent van sy jaarlikse gemiddelde pensioendraende emolumente, bereken oor die tien jaar van onafgebroke dienstyd voor sy oorlyde (of oor die gehele tydperk van sy onafgebroke dienstyd as dit korter is) ten opsigte van elke jaar van onafgebroke dienstyd. Die tydperk van onafgebroke dienstyd sal bereken word per jaar en maand en 'n breuk van 'n maand sal buite rekening gelaat word.

Oorlyde voor of kort na aftreding.

(2) As 'n lid wat 'n jaargeld ontvang, sterwe binne vyf jaar na die datum van sy aftreding sal aan die ewentuele persone wat van hom afhanklik is betaal word hetsy die jaargeld wat sodanige lid as hy nie gesterwe het nie, sou getrek het gedurende die onver-

Ord. No.
16 van
1930.

Aftreding
met
jaargeld
tengevolge
van
reorgani-
sasie, ens.

21. As aan 'n lid wat ten minste vyftien jaar by 'n plaaslike bestuur in diens is, eervolle ontslag verleen word tengevolge van vermindering of reorganisasie van staf, of tengevolge van afskaffing van sy amp of pos, of terwille van verbetering van doeltreffendheid of organisasie, of tengevolge van besuiniging in die algemeen, sal hy geregtig wees om 'n jaargeld te ontvang, bereken soos bepaal in artikel *agtien*.

Alle betalings van enige sodanige jaargeld gemaak voor die lid die ouderdom vir pensioen bereik, moet geskied uit die inkomste van sodanige plaaslike bestuur.

Gratifikasie
by
aftreding
op
voorge-
skrewe
ouderdom
of om
gesond-
heidsredes,
reorgani-
sasie, ens.

22. 'n Lid wat aftree, of aan wie eervolle ontslag verleen word deur 'n plaaslike bestuur kragtens die bepalings van artikel *negentien* of van subartikel (1) van artikel *twintig*, maar wat minder as tien jaar by sodanige plaaslike bestuur in diens is, of aan wie eervolle ontslag verleen word kragtens die bepalings van artikel *een-en-twintig*, maar wat minder as vyftien jaar by sodanige plaaslike bestuur in diens is, sal by aftreding geregtig wees op 'n gratifikasie gelyk aan ag-en-eenderde persent van sy jaarlikse gemiddelde pensioendraende emolumente bereken oor die tien jaar van onafgebroke dienstyd voor aftreding (of oor die gehele tydperk van onafgebroke dienstyd, as dit korter is) ten opsigte van elke jaar van onafgebroke dienstyd. Die tydperk van onafgebroke dienstyd sal bereken word per jaar en maand en 'n breuk van 'n maand sal buite rekening gelaat word.

Vrywillige
aftreding.

23. As 'n lid vrywillig uit die diens van 'n plaaslike bestuur tree, sal hy geregtig wees op 'n gratifikasie gelyk aan die bedrag van die bydraes wat hy werklik betaal het plus twee persent van sodanige bedrag ten opsigte van elke volledige jaar wat sy onafgebroke diens-tyd meer as sewe jaar bedrae.

Vroulik
lid wat
aftree
tengevolge
van
huwelik.

24. As aan 'n vroulike lid eervolle ontslag uit die diens van 'n plaaslike bestuur verleen word by haar huwelik, of as sy vrywillig sodanige diens verlaat met die oog op haar aanstaande huwelik, en in die huwelik tree binne drie maande na haar aftreding, sal sy ontvang—

- (a) as sy minder as vyf diensjare het die teruggawe van haar eie bydrae;
- (b) as sy vyf diensjare het tweemaal die bedrag van haar eie bydraes.

bedrag ten opsigte van elke maand of gedeelte daarvan waarmee sestig jaar die werklike ouderdom van die lid op die datum van sy aftreding oorskry.

**Ord. No.
16 van
1930.**

20. (1) 'n Lid wat ten minste tien jaar by die plaaslike bestuur in diens is, en wat volgens die opinie van die mediese raad ongeskik geword het om sy werksaamhede doeltreffende te verrig tengevolge van swakheid van gees of liggaam veroorsaak sonder sy eie skuld, sal, onderworpe aan die goedkeuring van die komitee, tydelik op pensioen gestel word en sal geregtig wees om 'n jaargeld te ontvang bereken soos bepaal in artikkel *agtien*.

Aftreding
met
jaargeld
om
gesond-
heidsredes

(2) As sodanige lid deur die komitee, handelende op advies van dieselfde of 'n ander mediese raad, binne twee jaar van sy tydelike aftreding geskik vir diens bevind word en nog onder die ouderdom vir pensioen is, kan van hom verlang word om werksaamhede te hervat in sy vorige of 'n ander amp of pos. As hy weier om sy werksaamhede te hervat sonder 'n oorsaak wat volgens die opinie van die komitee redelik is, sal die jaargeld ophou, met dien verstande dat—

- (a) die pensioendraende emolumente verbonde aan sy amp of pos wat hom, soos voornoem, aangebied word, nie minder sal wees nie as die pensioendraende emolumente wat hy getrek het onmiddellik voor sy tydelike aftreding;
- (b) bedoelde amp of pos nie van 'n laer graad is nie as dit waaruit hy tydelik gepensioneerd is;
- (c) die jaargeld wat hy getrek het op die tyd toe hy sy werksaamhede moes hervat, sal ophou;
- (d) by sy finale aftreding hy geregtig sal wees om vir die doeleindes van jaargeld bymekaar te tel die tydperke van sy onafgebroke dienstyd voor en na sy tydelike aftreding as hy tot die fonds hydra gedurende bedoelde later tydperk.

(3) As, na die verstryking van twee jaar vanaf die datum van sy tydelike aftreding, dit nie van 'n lid vereis is om werksaamhede te hervat nie, of, as hy nog ongeskik vir diens is, sal dit geag word dat hy finaal afgetree het en geregtig is op 'n jaargeld op genoemde basis.

Ord. No
16 van
1930.

betaalbaar is. By gebreke van sodanige toestemming en sodanige betaling deur die lid, sal geen bydraes ingevorder word of betaalbaar wees ten opsigte van enige tydperk van verlof sonder salaris nie, en geen tydperk ten opsigte waarvan geen sodanige bydraes betaal word nie sal in aanmerking geneem word by die berekening van die tydperk van sy onafgebroke dienstyd nie.

Wyse van
berekening
van
jaargeld.

18. Die jaargeld betaalbaar aan 'n aftredende lid sal gebaseer word op sy jaarlikse gemiddelde pensioendraende emolumente gedurende die laaste tien jaar van onafgebroke dienstyd en sal bereken word teen een sestigste van sodanige pensioendraende emolumente vir elke jaar van sodanige dienstyd. Die tydperk van sodanige dienstyd sal bereken word per jaar en maand en 'n breuk van 'n maand sal buite beskouing bly.

Aftreding
op of na
die
ouderdom
van
pensioene-
ring of
binne
vooraf-
gaande vyf
jaar.

19. (1) Wanneer 'n lid die ouderdom van sestig jaar bereik het sal hy die diens van die plaaslike bestuur verlaat, met dien verstande dat, as die plaaslike bestuur dit nodig of wenslik ag, sodanige lid, met sy toestemming, in diens gehou kan word vir verdere tydperke van ten hoogste een jaar tegelyk, maar in geen geval bo die ouderdom van 65 jaar nie.

(2) Nadat 'n lid aftree kragtens die bepalings van die vorige subartikel, sal aan hom 'n jaargeld betaal word bereken soos bepaal in artikel *agtien*, mits hy tien jaar by die plaaslike bestuur in diens was.

(3) 'n Lid wat die ouderdom van 55 jaar bereik het en ten minste tien jaar by die plaaslike bestuur in diens is, kan deur die plaaslike bestuur vereis word om af te tree, in watter geval aan hom 'n jaargeld betaal sal word bereken ooreenkomstig die bepalings van artikel *agtien*; in sodanige geval sal die jaargeld wat aan die lid toegeken word voor hy die ouderdom vir pensioen bereik het, deur sodanige plaaslike bestuur uit sy eie inkomste betaal word.

(4) Ongeag die bepalings voorkomende in die vorige subartikels van hierdie artikel, sal 'n lid wat die ouderdom van 55 jaar bereik het en wat ten minste tien jaar by die plaaslike bestuur in diens is, die reg hê om met 'n jaargeld af te tree, met dien verstande dat daar van die bedrag van die jaargeld, bereken soos omskrywe in artikel *agtien*, afgetrek sal word twee-vyftes van een persent van sodanige

sodanige verder tydperk as die komitee goedkeur nadat die beamppte aansoek gedoen het.

(4) 'n Lid wat in diens van 'n plaaslike bestuur bly nadat hy die ouderdom vir pensioen bereik het, sal voortgaan om tot die fonds by te dra totdat hy die diens verlaat of aan hom eervolle ontslag verleen word.

15. (1) Die bydraes wat elke lid aan die fonds moet betaal sal 'n preferente skuld wees op, en sal deur die plaaslike bestuur maandeliks, of met korter tussenpose, afgetrek word van die salaris of loon betaalbaar aan sodanige lid.

Hoe
bydraes
van lede
betaal
moet
word

(2) Die tesourier van die plaaslike bestuur sal so gou moontlik na die verstryk van elke kalendermaand vanaf die vasgestelde datum, skriftelik aan die sekretaris meedeel die bedrag van die bydraes en rente wat lede in die afgelope maand aan die fonds betaal het, en hierdie bedrag sal deur die plaaslike bestuur aan die fonds betaal word en hy moet verder aan die sekretaris sodanige inligtings verstrek redelikerwys nodig vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, dat die komitee van tyd tot tyd mag vereis.

16. Onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) van artikel *ag-en-twintig*, sal die plaaslike bestuur aan die fonds betaal een pond vir elke pond aan bydraes en rente wat lede aan die fonds betaal, met uitsondering van enige agterstallige bydraes en rente betaalbaar kragtens die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel *veertien*.

Bydraes
van
Plaaslike
Bestuur.

17. Wanneer 'n lid op verlof is met vol salaris of met minder as vol salaris, sal hy voortgaan om tot die fonds by te dra op die basis van sy volle pensioendraende emolumente. Wanneer 'n lid op verlof is sonder salaris, kan hom op aanvraag toegestaan word om op die basis van sy volle pensioendraende emolumente by te dra vir die kalendermaand wat onmiddellik voorafgaan aan die aanvang van sy verlof sonder salaris, maar sodanige aanvraag moet gemaak word, en die bedrag verskuldig ten opsigte daarvan moet deur die lid betaal word binne een maand na sy hervatting van werksaamheid, met dien verstande dat die lid op skriftelike aanvraag by die komitee kan toegestaan word om die bedrag terug te betaal in ses of minder maandelikse paaiemente uit die emolumente wat aan hom

Bydraes
terwyl op
verlof.

Ord. No.
16 van
1930.

Ord. No
16 van
1930.

—
Art. 14.

bestuur op die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie, moet ook, as die plaaslike bestuur dit eis kragtens subartikel (1) van artikel *twaalf*, in die fonds inbetaal die bedrag van sy agterstallige bydraes vanaf die datum van aanvang van sy onafgebroke diens-tyd tot sodanige datum van aanneming. Sodanige bydraes sal geen rente dra tot die datum van aanneming nie, maar sal daarna samegestelde rente dra teen vier-en-'n half persent per jaar, en sal betaalbaar wees in sodanige paaieimente as die komitee vasstel; met dien verstande dat die plaaslike bestuur kan kies om uit sy eie inkomste vir sodanige lede die rente op sodanige agterstallige bydraes vanaf sodanige datum van aanneming te betaal.

(b) Waar sodanige agterstallige bydraes in paaieimente betaal word, en die lid sterwe of ophou om tot die fonds by te dra alvorens hy sodanige agterstallige bydraes afbetaal het, sal enige voordeel uit die fonds waarop hy of sy afhanklikes of boedel geregtig is, bereken word asof hy 'n agterstallige bydraes voltooi het, en in die geval waar 'n terugbetaling of gratifikasie verskuldig is, sal die balans van agterstallige bydraes met inbegrip van rente, afgetrek word van sodanige terugbetaling of gratifikasie, en in die geval waar 'n jaargeld verskuldig is, sal die uitstaande paaieimente afgetrek word van die betalings van die jaargeld, en as hy sterwe voor hulle voltooi is sal die uitstaande balans afgetrek word van enige betalings uit die fonds waarop sy afhanklikes of boedel geregtig is.

(3) 'n Beampte wat in aanmerking kom vir lidmaatskap na die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie en wat 'n vroeëre tydperk van tydelike diens-tyd by 'n plaaslike bestuur het onmiddellik voor sy benoeming in 'n vaste hoedanigheid (met dien verstande dat die komitee 'n onderbreking van nie meer as twaalf maande nie kan kondoneer) sal gereg- wees om sy lidmaatskap terug te dateer tot die datum van aanvang van sy tydelike diens-tyd, of tot 'n later datum, en sal in daardie geval vir sodanige tydperk bydraes betaal asmede samegestelde rente teen 5 persent per jaar, met dien verstande dat van die reg gebruik gemaak moet word binne een maand na die datum waarop die eerste bydrae betaal word, en dat alle agterstallige bydraes met rente daarop betaal word binne twee jaar daarna, of binne

eerste hydrae kan betaal word in een som op die vasgestelde datum, of in paaiemente oor 'n tydperk van jare, of gedeeltelik in een som en gedeeltelik in paaiemente, met dien verstande dat daar tot die uitstaande bedrag van tyd tot tyd samegestelde rente sal bygevoeg word teen vier en 'n half persent per jaar bereken vanaf die vasgestelde datum en verder met dien verstande dat die bedrag wat op enige tyd uitstaan in geen geval meer sal wees as die bedrag wat uitstaande sou gewees het as die plaaslike bestuur gekies het om in beglyke jaarlikse paaiemente by te dra, met inbegrip van hoofsom en rente, oor 'n tydperk van twintig jaar vanaf die vasgestelde datum.

(4) Beampes op die vasgestelde datum met uitsondering van dié uitgesluit kragtens sub-artikel (2) van hierdie artikel sal verplig wees om lede van die fonds te word.

13. (1) Elke beampte wat in diens van 'n plaaslike bestuur tree op of na die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie, moet aan die komitee sodanige bewyse van gesondheid oorkê as dit vereis, en nadat die komitee oortuig is van die goeie staat van sy gesondheid sal hy verplig wees om lid van die fonds te word; met dien verstande dat, ten opsigte van die gemeenskaplike fonds, sodanige datum van aanneming sal wees die datum genoem in artikel *vier*.

Beampes
wat tot
fonds
toetree na
aanneming
van
Ordon-
nansie.

(2) 'n Lid kan hom nie aan die lidmaatskap onttrek nie solank hy in diens van die plaaslike bestuur is, of, wat die gemeenskaplike fonds betref, solank hy in diens van 'n plaaslike bestuur is wat by die gemeenskaplike fonds aangesluit is.

14. (1) Elke lid moet tot die fonds bydra vanaf die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie of vanaf die aanvang van onafgebroke dienstyd (as dié later is), ooreenkomstig onderstaande skaal:—

Bydraes
van
lede.

<i>Ouderdom jongste verjaarsdag by aanvang van onafgebroke dienstyd.</i>	<i>Persentasie van Pensioendraende emolumente.</i>
Tot 23 jaar	4
24 tot 28 jaar	4½
29 tot 32 jaar	5
33 tot 36 jaar	5½
37 tot 40 jaar	6
41 tot 43 jaar	6½
44 tot 47 jaar	7
48 jaar en daarbo	7½

(2) (a) Elke lid in diens van die plaaslike

Ord. No.
16 van
1930.

—
Art. 12.

- (of by bereiking van die ouderdom van sewentien jaar indien later), maar geen bydraes sal vereis word van die beampte ten opsigte van sodanige dienstyd nie;
- (b) die onafgebroke dienstyd van sodanige beampte sal begin vanaf die datum van indienstreding by die plaaslike bestuur (of by bereiking van die ouderdom van sewentien jaar, indien later), maar in geen geval vanaf 'n vroeër datum nie as die datum wat die plaaslike bestuur vasstel, en geen bydraes sal vereis word van die beamptes ten opsigte van sodanige dienstyd nie;
- (c) elk van sy beamptes sal vereis word om die datum te kies, nie vroeër as die datum van indienstreding (of die bereiking van die ouderdom van sewentien jaar, indien later), nie, en na keuse van die plaaslike bestuur, in geen geval vroeër as 'n datum wat die plaaslike bestuur sal vasstel, wat beskou sal word as die datum van begin van onafgebroke dienstyd, en sodanige beampte sal vereis word om, op die wyse voorgeskryf in paragraaf (a) van subartikkel (2) van artikel *veertien*, aan die fonds te betaal die bedrag van sy agterstallige bydraes vanaf sodanige datum tot die vasgestelde datum.
- (d) die onafgebroke dienstyd van elk van die beamptes sal begin vanaf die vasgestelde datum; of
- (e) enige ander wyse ooreenkomende met een van bogenoemde maniere wat die plaaslike bestuur goedgekeur.

(2) Sodanige plaaslike bestuur kan weens ouderdom of om enige ander geldige rede enige van sy beamptes in diens op die vasgestelde datum van lidmaatskap uitsluit.

(3) Tensy die manier beskryf in paragraaf (d) van subartikkel (1) van hierdie artikel aangeneem word, sal sodanige plaaslike bestuur ten opsigte van die onafgebroke dienstyd van sy beamptes voor die vasgestelde datum, sodanige som tot die fonds bydra as—volgens die opienie van die aktuaris nadat hy rekening gehou het met die bydraes betaalbaar vanaf die vasgestelde datum en die bydraes (indien enige) betaalbaar deur die beamptes ten opsigte van dienstyd voor die vasgestelde datum—vereis word om die voordele wat deur die fonds verleen word, te verskaf. Hierdie

Ord. No.
16 van
1930.

- 'n lid ontvang vir die verrigting van spesiale werksaamhede of terwyl hy fungeer in 'n amp wat permanent of tydelik vakant is; of
- (2) enige toelae vir reis- of verblyfkoste; of
 - (3) enige fooie, honoraria of bonusse van enige soort; of
 - (4) betaling vir oortyd; of
 - (5) enige ander toelae wat hierin nie gespesifiseer is nie;
- „ouderdom vir pensioen,” die bereiking van die ouderdom voorgeskryf in hierdie hoofstuk vir aftreding van 'n lid op 'n jaargeld;
- „salaris ” of „loon,” die jaarlikse, maandelikse of daaglikse betaling van 'n beampte, uitgenome alle toelaes, en sluit nie in betaling vir enige oortyd of bonus nie;
- „sekretaris,” die persoon wat die komitee as sodanig benoem.

10. Die bepalings van hierdie hoofstuk geld alleen vir fondse waarop hierdie Ordonnansie toegepas of aangeneem is, met dien verstande dat niks in hierdie hoofstuk geag sal word om inbreuk te maak op die regte van lede van 'n pensioenfonds bestaande op die datum van aanneming van die Ordonnansie soos beskerm in die skema vir sodanige aanneming nie.

Toepassing
van
Hoofstuk

- 11.** 'n Fonds sal bestaan uit—
- (a) bydraes en rente wat in die fonds inbetaal word ooreenkomstig hierdie hoofstuk;
 - (b) rente getrek van die belegging van enige gelde van die fonds;
 - (c) enige ander somme waarop die fonds geregtig word.

Bronne
van die
fonds.

12. (1) 'n Plaaslike Bestuur wat nie 'n pensioenfonds het en wat nie aangesluit is by die gemeenskaplike fonds nie, sal, in die skema vir die aanneming van hierdie Ordonnansie, een van die volgende maniere kies om te handel met die dienstyd van sy beamptes voor die vasgestelde datum, d.w.s.—

Beampte
op datum
van
aanneming
van
Ordonnansie.

- (a) die onafgebroke dienstyd van sodanige beampte sal begin vanaf die datum van indienstreding by die plaaslike bestuur

Ord. No.
16 van
1930.

Art. 9.

- „Beampte,” enige persoon van Europese afkoms in vaste diens van ’n plaaslike bestuur wat hierdie Ordonnansie aangeneem het, wat sy gehele tyd aan genoemde diens wy en wat die ouderdom van sewentien jaar bereik het; geen persoon wat in diens van ’n plaaslike bestuur tree na die datum van aanname van die Ordonnansie en wat bo die ouderdom van vyftig jaar is, sal vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie beskou word as ’n beampte nie;
- „fonds,” ’n pensioenfonds waarop hierdie Ordonnansie toegepas is en sluit in die gemeenskaplike fonds;
- „mediese raad,” die lid se eie mediese praktisyn en ’n mediese praktisyn genomineer deur die komitee, met dien verstande dat, as die lede van sodanige raad nie ooreen kan kom ten opsigte van enige geval nie, hulle ’n mediese praktisyn kan benoem om met hulle te fungeer as derde lid van die mediese raad, of as hulle nie binne ’n redelike tyd kan ooreenkom ten opsigte van sodanige derde lid nie, die voorsitter van die komitee ’n mediese praktisyn kan benoem om te fungeer as sodanige derde lid; verder met dien verstande dat die rapport van die mediese raad nie eenstemmig hoef te wees nie, maar die rapport van die meerderheid kan wees;
- „lid,” ’n bydraer tot ’n fonds of ’n persoon wat ’n jaargeld van ’n fonds trek;
- „pensioen,” ’n jaargeld of gratifikasie, al na die inhoud vereis;
- „pensioendraende emolumente,” die emolumente waarop bydraes betaal word, en sluit in—
- (a) salaris of loon;
- (b) die geskatte huurwaarde van ’n woning, hetsy behorende tot die plaaslike bestuur of nie, orals waar ’n lid vergun word om gratis ’n woning te betrek as ’n gedeelte van sy emolumente, of enige toelae verleen in plaas van die verskaffing van ’n gratis woning; en ’n gratis woning sal vir die doel bereken word teen ’n som gelyk aan een-seste van die lid se salaris of loon. In hierdie term word nie begrepe nie—
- (1) enige spesiale remunerasie wat

- (b) dat, ten opsigte van beamptes in diens van 'n plaaslike bestuur met of aangesluit by 'n pensioenfonds op die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie, die onafgebroke dienstyd ten opsigte van werksaamhede voor sodanige datum, sal beteken die dienstyd erken as pensioendraend deur die bepalings van sodanige pensioenfonds, tensy die skema vir die aanneming van die Ordonnansie 'n ander manier bevat om sodanige onafgebroke dienstyd te omskrywe;
- (c) dat, ten opsigte van beamptes in diens van 'n plaaslike bestuur sonder, of nie aangesluit by 'n pensioenfonds op die datum van aanneming van die Ordonnansie nie, die datum van aanvang van onafgebroke dienstyd sal wees soos voorgeskryf in artikel *twaalf*.

Ord. No.
16 van
1930.

—
Art. 9.

„ afhanklike ” of „ afhanklikes,”

- (a) 'n vrou of weduwee of man of wewenaar, of kinders of stiefkinders; of
- (b) 'n vader, moeder, broer, of suster wat heeltemal of gedeeltelik afhanklik is van 'n lid vir ondersteuning en onderhoud; of
- (c) enige ander persoon heeltemal vir ondersteuning en onderhoud afhanklik van 'n lid, wat die komitee oortuig dat hy of sy aldus afhanklik is.

Die volgorde van voorkeur onder afhanklikes sal wees as volg tensy 'n lid sodanige volgorde verander deur kennisgewing aan die komitee, naamlik—

- (1) aan die vrou of weduwee, of aan die man of wewenaar; of
- (2) aan die kinders en stiefkinders in gelyke aandeel; of
- (3) aan die vader en moeder in gelyke aandeel, of aan die langsewende van hulle; of
- (4) aan die broers en susters in gelyke aandeel; of
- (5) aan die persone wat heeltemal afhanklik is in gelyke aandeel.

Ord. No.
16 of 1930.

- (b) 'n meerderheid van die lede wat tot sodanige pensioenfonds bydra, verkry in geskryfte op sodanige wyse as sodanige komitee van beheer, of by gebreke van 'n komitee van beheer, die plaaslike bestuur sal vasstel;
- (c) die plaaslike bestuur;
- (d) die komitee van beheer van die gemeenskaplike fonds; en
- (e) die Administrateur.

Toelating tot fonds van beamptes van naburige Plaaslike Bestuur.

8. Ongeag enigiets wat voorkom in hierdie Ordonnansie, sal 'n plaaslike bestuur wat 'n pensioenfonds het, bevoeg wees om, onderworpe aan die goedkeuring van die komitee van beheer (as daar een is) van sodanige fonds en van die Administrateur, om enige beampte van 'n naburige, of min of meer naburige plaaslike bestuur tot lid van sodanige fonds toe te laat, onderworpe aan sodanige voorwaardes as ooreengekom word.

HOOFSTUK II.—VOORSIENING WAAR DIE ORDONNANSIE TOEGEPAS OF AANGENEEM IS.

Definiesies. 9. Tensy onbestaanbaar met die inhoud beteken in hierdie hoofstuk—

- „ Jaargeld, ” 'n jaarlikse som betaalbaar gedurende die leeftyd van 'n aftredende lid;
- „ komitee, ” die komitee van beheer benoem om die fonds te beheer ooreenkomstig hierdie hoofstuk;
- „ onafgebroke dienstyd, ” die tyd bestee deur 'n beampte, nadat hy die ouderdom van sewentien jaar bereik het, in diens van 'n plaaslike bestuur, en sal nie beskou word as afgebroke nie deur geoutoriseerde verlof van afwesigheid, deur onderbrekings in die diens beskou as verlof sonder salaris of andersins gekondoneer deur die komitee vir die doel van lidmaatskap van die fonds, of deur tydperke van skorsing gevolg deur herstelling in dieselfde of 'n ander amp of pos; met dien verstande—
- (a) dat op en na die datum van aanne-
ming van die Ordonnansie, enige
tydperk van afwesigheid sonder
betaling van bydrae nie meegetel
sal word by die berekening van die
tydperk van onafgebroke dienstyd
nie;

Ord. No.
16 van
1930.

- (d) beamptes (soos omskrywe in artikel *nege*) van die plaaslike besture wat aangsluit het by die gemeenskaplike fonds en wat in diens tree van een van sodanige besture op of na die datum vasgestel deur die Administrateur soos voornoem, sal tot die gemeenskaplike fonds toetree kragtens die bepalings van Hoofstukke II en III.

5. Ongeag enigiets voorkomende in hierdie Mienimum
Ordonnansie, sal 'n plaaslike bestuur sonder aantal
'n pensioenfonds, wat minder as vyftig beamptes
beamptes (soos omskrywe in artikel *nege*) in sy vir
diens het, nie geregtig wees om 'n afsonder- afsonder-
like fonds. like
fonds.

6. Ongeag die bepalings van artikel *twee*, Plaaslike
kan 'n plaaslike bestuur wat geen pensioen- Bestuur
fonds het nie, hierdie Ordonnansie aanneem sonder
deur by die gemeenskaplike fonds aan te sluit, fonds, wat
aansluit by
onderworpe aan goedkeuring van die komitee Gemeen-
skaplike
Fonds.
van beheer van die gemeenskaplike fonds en
nadat voldoen is aan die bepalings van sub-
artiekels (2) en (3) van artikel *twee*.

7. (1) Onderworpe aan die bepalings van Plaaslike
subartiekels (2) en (3) van hierdie artikel, Bestuur
met
kan 'n plaaslike bestuur wat 'n bestaande afsonder-
like fonds
pensioenfonds het, hierdie Ordonnansie aan- wat
aansluit
neem deur aan te sluit by die gemeenskaplike by
Gemeen-
skaplike
fonds. Fonds.

(2) Sodanige plaaslike bestuur sal 'n skema ontwerp wat goedgekeur moet word deur 'n aktuaris en wat onder ander voorsiening sal maak—

- (a) dat die regte van bestaande lede beskerm word;
- (b) dat toekomstige beamptes (soos omskrywe in artikel *nege*) tot die gemeenskaplike fonds toetree kragtens die bepalings van Hoofstukke II en III;
- (c) dat die beleggings en ander gelde van sodanige pensioenfonds of sodanige gedeelte daarvan as vereis mag word, oorgedra sal word aan die gemeenskaplike fonds, en dat sodanige verder betalings deur, of terugbetalings aan die plaaslike bestuur en beamptes gemaak sal word as in die skema beskryf word;
- (d) vir die datum vanaf welke die skema in werking tree.
- (3) Sodanige skema sal in werking tree na ontvangs van die goedkeuring van—
- (a) die komitee van beheer (as daar een is) van die pensioenfonds;

Ord. No.
16 van
1930.

- (b) 'n meerderheid van die lede wat tot sodanige pensioenfonds bydra, verkry in geskryfte op so 'n wyse as die komitee van beheer, of by gebreke van 'n komitee van beheer, die plaaslike bestuur, sal vasstel;
- (c) die plaaslike bestuur;
- (d) die Administrateur.

Toepassing
van
Ordon-
nansie op
Gemeen-
skaplike
Fonds.

4. Die gemeenskaplike fonds sal hierdie Ordonnansie aanneem op en vanaf 'n datum wat vasgestel word by Proklamasie van die Administrateur, en dit sal die plig van die komitee van beheer wees om 'n skema te ontwerp, wat goedgekeur moet word deur 'n aktuaris, vir bekragtiging van die Administrateur binne twaalf maande vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie; sodanige skema moet onder ander voorsiening maak vir die volgende sake—

- (a) lede van die fonds op die datum vasgestel deur die Administrateur, soos voorneem, en wat lede is wanneer die skema goedgekeur word, sal die opsie hê om binne 'n tydperk waarvoor die skema voorsiening sal maak, te bly onder en onderworpe aan die bepalings van die regulasies goedgekeur by Administrateurskennisgewings Nos. 63, 143 en 623 van 1928, onderworpe aan enige reëlings van voordele of bydraes wat noodsaaklik mag word tengevolge van die waardering van die aktuaris;
- (b) sodanige lede wat geen gebruik maak van hierdie opsie nie sal kom onder die bepalings van Hoofstukke II en III van hierdie Ordonnansie, onderworpe aan sodanige tariewe van bydrae as deur die aktuaris nodige geag word, met inagneming van die vroeëre onafgebroke diens tyd van sodanige lede; met dien verstande dat sodanige tariewe gereël sal word ooreenkomstig individuele ouderdomme, jongste verjaarsdag, op die datum van aanvang van onafgebroke diens tyd;
- (c) elke beampte in diens van die Stadsraad van Benoni, Boksburg, Brakpan en Rustenburg wat tot die gemeenskaplike fonds toetree het vanaf die vasgestelde datum, sal gekrediteer word met enige agterstallige bydraes wat hy, of enige sodanige plaaslike bestuur vir hom, betaal het ten opsigte van diens tyd voor die vasgestelde datum;

Ord. No.
16 van
1930.

(2) As sodanige plaaslike bestuur wens om hierdie Ordonnansie aan te neem sal dit 'n skema ontwerp wat voorsiening maak dat beamptes (soos omskrywe in artikel *nege*) tot die fonds toetree kragtens die bepalings van Hoofstuk II, en sal onder ander bevat 'n skatting, gesertifiseer deur 'n aktuaris, van die koste van aanneming van die Ordonnansie en die datum vanaf welke die skema in werking sal tree.

(3) Hierdie Ordonnansie sal nie van toepassing wees op sodanige plaaslike outoriteit alvorens sodanige skema—

- (a) aangeneem is deur die plaaslike bestuur volgens 'n besluit geneem deur 'n meerderheid bestaande uit ten minste tweederdes van die lede van die plaaslike bestuur wat teenwoordig is en wat stem op 'n vergadering belê vir die doel, waarvan 'n maand vooraf kennis gegee is aan elk van sy lede;
- (b) bekragtig is deur sodanige plaaslike bestuur op 'n gewone vergadering gehou ten minste een maand nadat sodanige besluit geneem is; en
- (c) goedgekeur is deur die Administrateur.

3. (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel, kan hierdie Ordonnansie aangeneem word deur 'n plaaslike bestuur wat 'n bestaande pensioenfonds het en wat nie aangesluit is by die gemeenskaplike fonds nie.

Aanneming van Ordonnansie deur Plaaslike Bestuur wat Bestaande Fonds het, uitgenome Gemeenskaplike Fonds.

(2) As sodanige plaaslike bestuur wens om hierdie Ordonnansie aan te neem, sal dit 'n skema ontwerp wat goedgekeur moet word deur 'n aktuaris en wat onder ander voorsiening sal maak—

- (a) dat die regte van bestaande lede beskerm word;
 - (b) dat, as geen gelde versamel is nie, daar 'n fonds ingestel sal word;
 - (c) dat toekomstige beamptes (soos omskrywe in artikel *nege*) tot die fonds sal toetree kragtens die bepalings van Hoofstuk II;
 - (d) vir die datum vanaf welke die skema in werking sal tree.
- (3) Sodanige skema sal in werking tree na ontvangs van die goedkeuring van—

- (a) die komitee van beheer (as daar een is) van die pensioenfonds;

Ord. No.
16 van
1930.

„Administrateur,” die amptenaar benoem kragtens subartikkel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet, 1909, of enige wysiging daarvan handelende op advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;

„vasgestelde datum ”—

(a) ten opsigte van ’n pensioenfonds wat bestaan op die datum van die aanneming van die Ordonnansie, die vasgestelde datum vasgestel deur die bepalings of regulasies van die fonds; en

(b) ten opsigte van enige ander pensioenfonds, die datum gespesifiseer in subartikkel (2) van artikel *twee*; met dien verstande dat, ten opsigte van ’n plaaslike bestuur wat nie ’n pensioenfonds het nie en wat aansluit by die gemeenskaplike fonds na die aanvang van hierdie Ordonnansie die vasgestelde datum sal wees die datum van aanneming van hierdie Ordonnansie;

„gemeenskaplike fonds,” die Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds aangeneem deur die Stadsrade van Benoni, Boksburg, Brakpan, Pietersburg, Roodepoort-Maraisburg en Rustenburg en deur enige ander plaaslike outoriteite wat daarby aansluit;

„plaaslike bestuur,” en sluit in ’n „city” raad, ’n stadsraad, ’n dorpsraad of ’n gesondheidskomitee, en met betrekking tot ’n beampte of lid beteken dit die plaaslike bestuur wat sodanige beampte of lid in diens het, en sluit in enige kombinasie van plaaslike besture kragtens hierdie Ordonnansie;

„pensioenfonds,” ’n pensioenfonds ingestel deur ’n plaaslike bestuur, en sluit in ’n fonds of skema van ’n plaaslike bestuur, wat voordele verseker aan sy beamptes by aftreding, en sluit verder in die gemeenskaplike fonds.

Aanneming
van
Ordon-
nansie
deur
Plaaslike
Bestuur
wat geen
Pensioen-
fonds het
nie.

2. (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel, kan hierdie Ordonnansie aangeneem word deur ’n plaaslike bestuur wat geen pensioenfonds het en wat nie aangesluit is by die gemeenskaplike fonds nie.

raad besit of hou in of in verband met 'n vliegbaan wat gemeenskaplik beheer word soos voormeld."

Ord. No.
15 van
1930.

14. Artikel *honderd sewe-en-vyftig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur die onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

Wysiging van artikel eenhonderd sewe-en-vyftig van hoofwet.

„ (15) vir die onderhou, reël, kontroleer en aanhou van vliegbane en vir die vasstel van die pryse en fooie wat in rekening gebring word ten opsigte daarvan en in verband met die aanhou daarvan (met inbegrip van koste van toelating daartoe), met dien verstande dat die bevoegdhedes ingevolge hiervan uitgeoefen kan word deur 'n raad hetsy afsonderlik of gesamentlik met ander rade en ook al is sodanige vliegbane nie geleë binne die gebied van regsbevoegdheid van sodanige raad of rade nie.

15. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie, 1930.

Korte titel

'N ORDONNANSIE

Ord. No.
16 van
1930.

Om plaaslike besture in staat te stel voorsiening te maak vir aftredingspensioene of ander geldelike voordele betaalbaar aan persone in diens van plaaslike besture.

(Goedgekeur 12 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 1 Augustus 1930.)*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

HOOFSTUK I.—ALGEMEEN.

1. Tensy onbestaanbaar met die inhoud, beteken in hierdie Ordonnansie—

Definiesies.

„ aktuaris," 'n lid van die Instituut van Aktuarisse van Londen of van die Fakulteit van Aktuarisse in Skotland of enige ander gekwalifiseerde persoon wat die Goewerneur-Generaal as 'n aktuaris erken;

* Proklamasie No. 75, Prowinsiale Koerant, gedateer 30 Julie 1930, bladsy 89.

Ord. No.
15 van
1930.

Art. 13.

In geval 'n raad sodanige kontrak aangaan, word en is hy—

(a) ongeag enige teenstrydige bepaling in hierdie ordonnansie, hierby gemagtig

- (i) om sy bevoegdheid vir die oprigting, bou, onderhou, reël, kontroleer en aanhou van genoemde vliegbaan op te dra aan 'n gemeenskaplike komitee bestaande uit verteenwoordigers van die respektiewe kontrakterende partye, om die ledetal van bedoelde gemeenskaplike komitee vas te stel, en om te bepaal uit hoeveel lede die kworum moet bestaan;
- (ii) om uit hulle midde verteenwoordigers te kies op genoemde gemeenskaplike komitee;
- (iii) om voorsiening te maak vir die metode van benoeming van die voorsitter van die gemeenskaplike komitee wat een van die verteenwoordigers van die kontrakterende partye kan wees of nie, en om te bepaal of sodanige voorsitter op 'n beslissende stem geregtig sal wees of nie,

steeds met dien verstande dat sodanige komitee geen onkoste sal maak nie tensy daar voorsiening voor gemaak is en 'n gespesifiseerde begroting ingedien is by die finansiële komitee van elke raad wat verteenwoordig is op sodanige gemeenskaplike komitee en goedgekeur is deur elke sodanige raad.

(b) ongeag enige teenstrydige bepaling in die Plaaslike Bestuur Belastingsordonnansie 1928 of enige wysiging daarvan word en is hy hierby gemagtig om kwyd te skeld, hetsy geheel of gedeeltelik, enige belasting of belastings wat 'n ander raad op enige tyd skuldig is of word ten opsigte van enige aandeel in grond (soos beskryf in genoemde Ordonnansie) wat sodanige ander

11. Die eerste paragraaf van artikel *eenhonderd-en-twee* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur weglating van die woorde: „ Die helfte van die koste van publiseer in die *Prowinsiale Koerant* van enige sulke verordening of wysiging of enige regulasies kragtens artikel *drie-en-twintig* (3) van die Naturelle (Stedelike Gebiede) Wet 1923, sal deur die Raad gedra word ” en deur die te vervang deur die onderstaande woorde:—

Wysiging van artikel *eenhonderd-en-twee* van die hoofwet. Ord. No. 15 van 1930.

„ Die Administrateur kan van tyd tot tyd betaling eis vir die publiseer in die *Prowinsiale Koerant* van enige sodanige bywet of wysiging van regulasies kragtens artikel *drie-en-twintig* (3) van die Naturelle (Stedelike Gebiede) Wet 1923 of enige wysiging van sodanige regulasies, mits sodanige betaling nie meer bedra nie as ses sjielings per duim regoor die bladsy (dubbele kolom). Alle bedrae in rekening gebring kragtens hierdie artikel sal op aanvraag deur die betrokke raad aan die Administrateur betaal word.”

12. Subartikel (1) van artikel *eenhonderd nege-en-veertig* van die hoofwet word en is hierby gewysig as volg:—

Wysiging van artikel *eenhonderd nege-en-veertig* (1) van die hoofwet.

(1) Deur weglating van die woorde: „ Die helfte van die koste van sodanige publikasie ” in paragraaf (d) (ii) en die te vervang deur die woorde: „ ses sjielings per duim regoor die bladsy (dubbele kolom) ”;

(2) deur die onderstaande nuwe paragraaf daaraan toe te voeg:—

„ (f) magtiging te verleen aan die komitee om, met toestemming van die Administrateur, die aantreklikhede en voordele van sy jurisdiksiegebied en distrik te adverteer en daaraan publisiteit te gee.”

13. Artikel *honderd ses-en-vyftig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur aan subartikel (15) toe te voeg die woorde:—

Wysiging van artikel *honderd-ses-en-vyftig* van die hoofwet.

„ hetsy binne of buite, of gedeeltelik binne en gedeeltelik buite die grense van die munisipaliteit, hetsy afsonderlik of gesamentlik met 'n ander raad, en indien met 'n ander raad, dan op sodanige terme waarop bedoelde rade by skriftelike kontrak ooreenkom.

Ord. No.
15 van
1930.

- (viii) om die betreklike stand van verskillende snelhede of tiepes in die verkeersweg te reël;
- (ix) om die plekke voor te skrywe waar motervoertuie van enige bepaalde klas of soort nie mag omdraai nie, sodat hulle staan in die teenoorgestelde rigting van dié waarin hulle gery het, en waar hulle net mag omdraai onder omstandighede by regulasie voorgeskrywe;
- (x) om reëls voor te skrywe wat in aggeneem moet word betreffende die prosedure tussen motervoertuie wat hulle voortbeweeg in dieselfde rigting, of in teenoorgestelde rigting, of by kruising;
- (xii) om reëls voor te skrywe betreffende die voorrang van ingang van publieke motervoertuie in enige hoofstraat of hoofweg;
- (xiii) om outomatiese verkeersienjale voor te skrywe en te plaas vir gebruik by dag en/of nag, tot reëling van verkeer op sodanige punte as die Raad dienstig ag en om te bepaal dat versuim om te voldoen aan die aanwysings van sodanige sienjale, 'n oortreding ingevolge hierdie Ordonnansie sal uitmaak."

Wysiging
van artikel
een-en-
negentig van
die hoofwet.

10. Subartikel (3) van artikel *een-en-negentig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur toevoeging na die woorde „ vir die doel van verkoop ” van die volgende voorbehoudsbepaling :—

„ met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is op 'n verversingswinkel wat, ofskoon gehou in 'n kamer of kamers wat die genoemde inwendige kommunikasiemiddels het, vir besigheid gesluit is nie later as die normale ure vir die sluiting van winkels voorgeskryf in artikel *drie* van die Winkelure Ordonnansie 1923 of enige wysiging daarvan in watter geval die lisensie dienooreenkomstig geëndosseer sal word en dit sal vir enige sodanige verversingswinkel 'n oortreding wees oop te bly anders as gedurende die genoemde normale ure.”

Ord. No.
15 van
1930.

daarop opgerig sal word, en tot beperking van die gebruik van sodanige eiendom uitsluitend vir woon- of besigheidsdoeleinde, en tot beperking van die besitreg of okkupasie daarvan, of albei, tot en om die besitreg of okkupasie daarvan, of albei, deur blankes, kleurlinge, Asiate of naturelle of persone van een of meer van sodanige klasse te verbied, en mag in die eiendomsakte of huurkontrakte van enige sodanige eiendom die voorwaardes opneem vereis om volle krag en uitvoering te gee aan sodanige bepalings en beperkings.”

(2) Deur die onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

„ (51) aankondigingsborde oprig, maak, onderhou en gebruik op eiendom wat toebehoor of afgestaan is aan die Raad, en in verband daarmee koste in rekening te bring.”

9. Artikel *tagtig* van die hoofwet word en is hierby as volg gewysig:—

Wysiging
van artikel
tagtig van
die hoofwet

(1) Deur onderstaande nuwe paragraaf aan subartikel (4) toe te voeg, terwyl die genoemde subartikel, soos oorspronklik bepaal, paragraaf (a) daarvan word:—

„ (b) om eienaars en bewoners te verplig om hulle eiendomme sindelik en vry te hou van vuil, afval, vullis, glàs, papier, vodde, blikkies, rommel, onkruid of kreupelhout wat volgens die oordeel van die Raad onooglik is of hoogswaarskynlik 'n oorlas kan wees of nadelig kan word vir die gesondheid, of ergernis kan veroorsaak aan die bewoners van die buurte.”

(2) Deur onderstaande nuwe subparagrafe toe te voeg aan paragraaf (b) van subartikel (70) soos gewysig deur subartikel (3) van artikel *vyf* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1929:—

„ (vii) om die tye, dae en ure voor te skrywe waarop moteromnibusse vergun sal wees om gebruik van die strate te maak, die passasiersgelde wat in rekening gebring sal word en die tydtafels wat in ag geneem moet word deur die eienaars van sodanige omnibusse;

Ord. No.
15 van
1930.

Wysiging van artikel *nege-en-dertig* van die hoofwet. **3.** Subartikel (2) van artikel *nege-en-dertig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur daarin te skrap die woord „vrou” waar dit voorkom en dit te vervang deur die woorde „eggenote of eggenoot.”

Wysiging van artikel *een-en-veertig* (1) van die hoofwet. **4.** Subartikel (1) van artikel *een-en-veertig* van die hoofwet, word en is hierby gewysig deur daarin te skrap die woord „vrou” en dit te vervang deur die woorde „eggenote of eggenoot.”

Wysiging van Artikel *ag-en-vyftig* van hoofwet. **5.** Subartikel (4) van artikel *ag-en-vyftig* van die hoofwet, soos gewysig deur artikel *een* van Ordonnansie No. 20 van 1928, word en is hierby gewysig deur opname na die woorde „prowinsiale sekretaris” van die woorde—

„of, in die geval van ’n raad wat ’n addisionele ouditeur of ouditeurs benoem het in terme van artikel *eenhonderd vyf-en-vyftig* (1), van sodanige ouditeur of ouditeurs.”

Wysiging van artikel *een-en-sestig* van die hoofwet. **6.** Artikel *een-en-sestig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur die volgende nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

„(3) Geen beampte of bediende benoem onder hierdie Ordonnansie sal betalende werk buite die munisipale diens verrig of hom daartoe verbind voor hy eers toestemming van die raad gevra en verkry het nie. Sodanige toestemming sal verleen word by ’n besluit van die raad en kan onderworpe word aan sodanige voorwaardes as die raad dienstig ag om vas te stel.”

Herroeping van artikel *vyf-en-sewentig* van die hoofwet. **7.** Artikel *vyf-en-sewentig* van die hoofwet word en is hierby herroep.

Wysiging van artikel *nege-en-sewentig* van die hoofwet. **8.** Artikel *nege-en-sewentig* van die hoofwet word en is hierby gewysig as volg:—

(1) Deur aan subartikel (18) onderstaande nuwe paragraaf (*d*) toe te voeg:—

„(*d*) dat by verkoop of verhuur van enige onroerende eiendom, die Raad, met toestemming van die Administrateur, in die voorwaardes van verkoop of verhuur ’n bepaling mag opneem aangaande die styl, klas of waarde van geboue wat

2. Artikel *sewe* van die hoofwet soas gewysig deur artikel *vyf* van Ordonnansie No. 10 van 1927, word hierby gewysig deur die volgende nuwe subseksie daaraan toe te voeg, die genoemde artikel soas oorspronklik bepaal sal subseksie (1) daarvan word:—

Wysiging van artikel 7 van hoofwet. **Ord. No. 14 van 1930.**

„(2) Die plaaslike outoriteit of die raad, al na die geval mag wees, sal 'n kennisgewing publiseer in 'n nuusblad wat in sy jurisdiksiegebied sirkuleer op 'n datum gedurende die week eindigende die vyfde dag van Desember in elk en ieder jaar ten effekte dat besware teen die toekenning van enige sertifikaat vir vernuwings van algemene handelaarslisensies by die plaaslike outoriteit of raad, al na die geval mag wees, binne 'n tydperk van tien dae vanaf die datum van sulke kennisgewing sal ingedien word.”

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Algemene Handelaars (Kontrole) Wysigings Ordonnansie, 1930.

Korte tref.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 15 van 1930.

Tot Wysiging van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, in sekere opsigte.

(Goedgekeur 12 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 6 Augustus 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Die definisie van „handeldryf op straat” in artikel *twee* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 (hierna die hoofwet genoem) word en is hierby gewysig deur daarin te skrap die woorde „vuurhoutjies, blomme en ander artikels.”

Wysiging van definisie van handeldryf op straat in artikel twee van die hoofwet.

2. Artikel *drie-en-dertig* van die hoofwet word en is hierby gewysig deur onderstaande subartikel daaraan toe te voeg:—

Wysiging van artikel drie-en-dertig van die hoofwet.

„(4) Die fooi voorgeskryf deur die Raad hetsy kragtens subartikel (1) of subartikel (3) van hierdie artikel, sal nie meer bedra as twee sjielings en ses pennies per gedrukte, getikte of geskrewe folio bladsy nie.”

Ord. No.
13 van
1930.

Uitkerings
onder
hierdie
Ordon-
nansie
aangemerk
te word as
voorlopige
voorskotte.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees en uitkerings wat hieronder al gemaak is, sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëieningsordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1930, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Korte
tietel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Vierde Toeëienings (Deel 1930-1931) Ordonnansie, 1930.

Ord. No.
14 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Algemene Handelaars (Kontrole)
Ordonnansie, 1926.

(Goedgekeur 12 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 30 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

Wysiging
van artikel
5 van
hoofwet.

1. Subseksie (1) van artikel *vyf* van die Algemene Handelaars (Kontrole) Ordonnansie 1926 (hierna die hoofwet genoem) soas gewysig deur artikel *drie* van Ordonnansie No. 10 van 1927, word hierby gewysig deur opname na die woorde „, vir sulk sertifikaat applikasie te maak ” van die volgende voorwaarde:—

„ met dien verstande dat, waar die aangevraagde sertifikaat is vir 'n hernuwing van dieselfde klas lisensie en vir dieselfde klas besigheid ten opsigte van dieselfde plek waarvoor dieselfde applikant 'n lisensie gehad het gedurende die vorige jaar, bedoelde kennisgewing nie in die *Prowinsiale Koerant* hoef geplaas te word nie.”

Lichtenburg by Administrateurs Kennisgewing No. 244 van 16 April 1930, deur die vyf-en-twintigste dag van Julie 1930 vas te stel as die datum waarop gestem sal word met die doel om ooreenkomstig die bepalings van genoemde artikkel, lede van die Lichtenburgse Skoolraad te kies, hierby wettig verklaar.

Ord. No.
12 van
1930.

(2) Die persone wat deur die stemopnemer verklaar word op bogenoemde vasgestelde datum gekies te wees, sal vir alle doeleindes geag word behoorlik gekies te wees as lede van genoemde Raad.

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Lichtenburgse Skoolraadverkiesing 1930 Legalisasie Ordonnansie, 1930. Korte titel.

'N ORDONNANSIE

Ord. No.
13 van
1930.

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens £350,000 op rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1931.

(Goedgekeur 14 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 30 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Op en na die eerste dag van April 1930 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van drie honderden-vyftigduisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die eenendertigste dag van Maart 1931, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie. £350,000 mag verstrekk word uit die Prowinsiale Inkomstefonds.

Ord. No.
11 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ongedierde Uitroeiings Ordonnansie
1925 in sekere opsigte.

(Goedgekeur 22 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 13 Augustus 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAALD deur die Prowinsiale Raad
van Transvaal as volg:—

Wysiging
van
Artikel 1
van hoof-
wet. 1. Die definiesie van „ongedierde-klub” in
artikel *een* van die 1925 Ordonnansie op die
Uitroei van Ongedierde (hierna die hoofwet
genoem) is en word hierby gewysig deur die
invoeging van die woord „blanke” na die
woorde „liggaam van”.

Wysiging
van
Artikel 11
van
hoofwet. 2. Artikel *elf* van die hoofwet soos ge-
wysig deur artikel *vyf* van Ordonnansie No.
5 van 1928 is en word hierby gewysig deur
die toevoeging van die volgende nuwe sub-
artikel:—

„(4) die magtiging van enige magistraat,
ontvanger van inkomste of polisie-
beampte om insae te eis van die
boeke en dokumente van enige onge-
dierde klub.”

Korte titel. 3. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Ongedierde Uit-
roeiings Wysigings Ordonnansie, 1930.

Ord. No.
12 van
1930.

'N ORDONNANSIE

Tot Legalisasie van die Handelwyse van die Stempnemer
vir die Lichtenburgse Skoolraadverkiesing deur 'n sekere
datum vas te stel vir die Stempname.

(Goedgekeur 22 Julie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 13 Augustus 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van
Transvaal **BEPAAL** as volg:—

Legglisasie
van die
handelwyse
van die
stemp-
nemer. 1. (1) Ongeag enige teenstrydige bepaling
in artikel *drie-en-veertig* van die Onderwys-
wet, 1907, word en is die handelwyse van die
stempnemer benoem vir die skoordistrik

'N ORDONNANSIEOrd. No.
10 van
1930.

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens £450,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1931.

(Goedgekeur 26 Junie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal **BEPAAL** as volg:—

1. Op en na die eerste dag van April 1930 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van vierhonderden-vyftigduisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£450,000
mag
verstrekk
word uit
die
Prowin-
siale
Inkomste-
fonds.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees en uitkerings wat hieronder al gemaak is, sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëieningsordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloof nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1930, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Uitkerings
onder
hierdie
Ordon-
nansie
aange-
merk te
word as
voorlopige
voor-
skotte.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Derde Toeëienings (Deel 1930-1931) Ordonnansie, 1930.

Korte
tietel.

Ord.No. 9
van 1930.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Warmbad (Toesig en Beheer)
Ordonnansie, 1929, in sekere opsigte.

(Goedgekeur 26 Junie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van
Transvaal BEPAAL as volg:—

Wysiging
van
Artikel 2
van
Hoofwet. **1.** Subartikel (2) van artikel *twee* van die
Warmbad (Toesig en Beheer) Ordonnansie,
1929 (hierna die hoofwet genoem) word en is
hierby gewysig deur daarin die woorde „ en
een van dié lede 'n lid van die Uitvoerende
Komitee van die Provinsie sal wees,” te skrap.

Wysiging
van
Artikel 12
van
Hoofwet. **2.** Artikel *twaalf* van die hoofwet word en
is hierby gewysig as volg:—

(1) Deur die opname in subartikel (7) na
die woord „, kleurlinge ” van die woorde
„ of enige persone van watter ras ook,
gehuud met of wat lewe met naturelle,
Asiate of kleurlinge ”;

(2) deur die opname in subartikel (8) van
die volgende woorde:—

„ mits dat niemand hieronder benoem
mag word nie wat 'n lid van die
raad is, of wat sulk 'n lid was
gedurende die voorafgaande ses
maande nie.”

(3) deur die volgende nuwe subartikel
daaraan toe te voeg:—

„ (13) met die toestemming van die
Uitvoerende Komitee uit sy in-
komste aan lede van die Raad
sodanige toelae te betaal as hy
mag bepaal.”

Korte
Titel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Warmbad (Toe-
sig en Beheer) Wysigings Ordonnansie, 1930.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 8
van 1930.

Tot wysiging van die Plaaslike Outoriteite Weë Ordonnansie
1904.

(Goedgekeur 26 Junie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van
Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Artikel *een* van die Plaaslike Outoriteite Weë Ordonnansie No. 44 van 1904 (hierna die hoofwet genoem) word hierby gewysig deur skrapping van die definisie van „plaaslike outoriteit” en deur daarvoor die volgende nuwe definisie in die plaas te stel:—

Wysiging
van artikel
1 van
hoofwet.

„plaaslike outoriteit” sal beteken ’n stadsraad of ’n dorpsraad ingestel kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926, of enige amendement daarop.

2. Artikel *vier* van die hoofwet word hierby gewysig deur skrapping van die woorde „drie agtereenvolgende uitgawes van”.

Wysiging
van artikel
4 van
hoofwet.

3. Paragraaf (*a*) van artikel *vyf* van die hoofwet word hierby gewysig deur die woord „agt” waar dit ook voorkom te skrap en deur daarvoor die woord „drie” in die plaas te stel.

Wysiging
van artikel
5 van
hoofwet.

4. Artikel *sewe* van die hoofwet word hierby gewysig deur skrapping van die woorde „vier-en-dertig” van die Munisipale Korporasies Ordonnansie, 1903,” en deur daarvoor die woorde „twee-en-sestig” van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926,” in die plaas te stel.

Wysiging
van artikel
7 van
hoofwet.

5. Subseksie (1) van artikel *eenhonderd drie-en-veertig* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926, word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) daarvan te skrap.

Wysiging
van artikel
143 van die
Plaaslik
Bestuur
Ordonnan-
sie, 1926.

6. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Plaaslike
Outoriteite Weë Wysigings Ordonnansie,
1930.

Korte
Titel.

Ord. No. 7
van 1930.

- (c) vir die reëling van enige sodanige baddens, die toegang daartoe, die koste vir sodanige toegang, die openings- en sluitingsure, en oor die algemeen die omstandighede waaronder sodanige baddens gebruik mag word en om te verhinder dat persone wat ly aan 'n huidsiekte, besmetlike of aansteeklike siekte enige sodanige baddens ingaan of gebruik daarvan maak;
- (d) vir die reserveer van afsonderlike baddens op publieke gesondheidsoorde vir die gebruik van blanke persone en van naturelle of Asiate of ander kleurlinge of enige persoon van enige ras hoege-naamd, gehuud met, of inwonende by respektieflik naturelle, Asiate of kleurlinge, en die beperking van die gebruik van sodanige baddens tot bedoelde persone.

(2) Enige regulasie gemaak deur die Administrateur kragtens hierdie Ordonnansie sal afgekondig word in die *Prowinsiale Offisiële Koerant*.

(3) Iedereen wat enige regulasies gemaak kragtens hierdie Ordonnansie oortree, is skuldig aan 'n oortreding en sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van ten hoogste tien pond of by wanbetaling van die boete aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van ten hoogste een maand.

(4) Alle boetes betaal of ingevorder ten opsigte van 'n oortreding van enige regulasies gemaak kragtens hierdie Ordonnansie, moet gestort word in die Prowinsiale Inkomstefonds.

Korte tietsel. 3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Publieke Gesondheidsoorde Ordonnansie 1930.

Ordonnansie, 1912, wat as sodanig deur die Administrateur geproklameer is en enige prowinsiale pad as sodanig geproklameer kragtens artikel *drie* van die Prowinsiale Paaie in Munisipaliteite Ordonnansie 1930 en enige wysiging daarvan."

Ord. No. 6
van 1930.

8. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel- ^{Korte} _{tietel.} eindes aangehaal word as die Prowinsiale Paaie in Munisipaliteite Ordonnansie 1930.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 7
van 1930.

Om voorsiening te maak vir die Toesig op en Beheer van
Publieke Gesondheidsoorde.

(Goedgekeur 2 Junie 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Julie 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken—

Definisie

„Administrateur,” die amptenaar benoem ingevolge subartikel (1) van artikel *agt-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet 1909 of enige wysiging daarvan wat handel op advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;

„publieke gesondheidsoord,” enige plek op Goewermentsgrond gereserveer deur die Goewerneur-Generaal as 'n publieke gesondheidsoord waarvan die toesig en beheer oorgedra is aan die Provinsie Transvaal in terme van artikel *twaalf* (1) (a) en item 5 van die Finansiële Verhoudingswet 1913 of enige wysiging daarvan, maar sluit nie in die baddens geleë op die plaas Het Bad No. 832, Distrik Waterberg, algemeen bekend as die Warmbad.

2. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd regulasies maak betreffende een of meer van die volgende sake:—

Regulasies vir die toesig, ens., op publieke gesondheidsoorde.

- (a) vir die beheer, bestuur, reëling van en toesig op publieke gesondheidsoorde;
- (b) vir die instelling, oprigting, konstruksie, onderhoud en instandhouding van die baddens van publieke gesondheidsoorde;

Ord. No. 6 van 1930. ^{Toepassing van Ordonnansie.} **2.** Die bepalings van hierdie Ordonnansie sal op iedere munisipaliteit toepaslik wees.

^{Grense van provinsiale paaie.} **3.** Die Administrateur kan van tyd tot tyd deur Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant*—

- (a) bepaal op watter punt in 'n munisipaliteit 'n provinsiale pad sal eindig vir die doel van hierdie Ordonnansie;
- (b) *mutatis mutandis* enige bepalings van die Weë Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan na gelang hy mag beslis op sodanige pad toepas.

^{By wie provinsiale paaie berus.} **4.** Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd sal die toesig op en beheer van enige provinsiale pad by die Administrateur berus vanaf die datum van 'n proklamasie kragtens die bepalings van die voorafgaande artikel waarby die grense van sodanig pad vasgestel word.

^{Aanleg en onderhou van provinsiale paaie.} **5.** (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd enige provinsiale pad, vir so ver die geldmiddele toelaat, aanlê, onderhou en herstel.

(2) Enige plaaslike outoriteite sal bevoeg wees om met die Administrateur 'n ooreenkoms aan te gaan vir die aanleg en onderhoud van 'n beter klas van provinsiale pad oor 'n bepaalde lengte as wat die Administrateur voornemens is te verskaf en uit sy inkomste die geraamde verskil in die koste van verskaffing van 'n sodanige beter klas van pad bydra.

^{Stormwater}

6. (1) Die plaaslike outoriteite, en nie die Administrateur nie, sal verantwoordelik wees vir die afvoer van alle stormwater wat van 'n provinsiale pad op enig punt afloop, sal voldoende voorsiening maak vir sodanige afvoer ten genoëge van die Administrateur, en sal aanspreeklik wees vir enige uitgawe in verband daarmee.

(2) Die Administrateur sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, watter ook, veroorsaak deur sodanig stormwater nie.

^{Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie No. 19 van 1927.}

7. Die definisie van „prowinsiale pad” in artikel *een* van die Weëfonds Ordonnansie 1927, word en is hierby geskrap en die volgende nuwe definisie word daarvoor in die plaas gestel:—

„Prowinsiale pad” sal beteken enige publieke pad soos omskrywe in die Weë

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 6
van 1930.

Om die Aanleg en Onderhoud van Prowinsiale Paaie in Munisipaliteite te bepaal.

(Goedgekeur 2 Mei 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 7 Mei 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie sal, tensy enige ^{Definiesies van terme.} andere betekenis duidelik bedoel word:—

„Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-sestig* van die Suid-Afrika Wet 1909 of enige wysiging daarvan, wat handel op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;

„plaaslike outoriteit” beteken 'n stadsraad of 'n dorpsraad of 'n gesondheidskomitee synde 'n liggaam met regs persoonlikheid ingestel kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie 1926 of enige wysiging daarvan;

„hoofpad” dieselfde betekenis hê as dié aan die uitdrukking gegee in die Weë Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan, dog sal nie insluit enige gedeelte van die pad bekend as die Hoofrifpad nie;

„munisipaliteit” beteken die gebied of distrik geplaas onder die jurisdiksie van 'n plaaslike outoriteit;

„prowinsiale pad” beteken 'n pad of gedeelte van 'n pad in 'n munisipaliteit wat:—

(i) aansluit met en 'n voortsetting is van 'n hoofpad buite 'n munisipaliteit; en

(ii) aanvang vanaf die grens van die munisipaliteit en eindig op 'n punt—naasteby waar persele, erwe of standplase waarop eendomsbelasting kan gehef word kragtens enige wet wat betrekking het op die heffing van belastingen deur plaaslike outoriteite aanvang; en

(iii) bepaal en omskryf is deur die Administrateur by Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* kragtens artikel *drie* van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 5
van 1930.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens £300,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1931.

(Goedgekeur 2 Mei 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 7 Mei 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

£300,000
mag
verstrekk
word uit
die
Prowin-
siale
Inkomste-
fonds.

1. Op en na die eerste dag van April 1930 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van driehonderdduisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Uitkerings
onder
hierdie
Ordon-
nansie
aange-
merk te
word as
voortlopi-
ge voor-
skotte.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees en uitkerings wat hieronder al gemaak is, sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëieningsordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1930, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Korte
tietel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doelindes aangehaal word as die Tweede Toeëienings (Deel 1930-1931) Ordonnansie, 1930.

Ord. No. 4
van 1930.

Venter, van die Tweede Skedule by genoemde wet, soos gewysig deur artikel drie (a) van die Lisensies (Wysigings) Wet, 1927;

- „munisipaliteit,” die gebied geplaas onder die beheer en regsrag van ’n stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee ingestel kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926;
- „marskramer,” enige persoon wat kragtens ’n lisensie aan hom uitgereik in terme van die Lisensies Konsolidasie Wet, 1925, of enige wysiging daarvan, hetsy as hoofpersoon of bediende, die bedryf of besigheid uitoefen van die aanbied of uitstal vir verkoop, kwansel of ruil, nie op ’n vaste plek nie, van enige goed en vir daardie doel van plek tot plek reis, hetsy te voet of met ’n voertuig deur homself voortbeweeg; maar sluit nie in enige persoon soos bogenoem nie wat vars vrugte of groente smous en geen ander goed nie, of enige persoon genoem in die vrystellings onder ietem 19 Marskramer, van die Tweede Skedule by die Lisensies Konsolidasie Wet, No. 32 van 1925, soos gewysig deur artikel drie (b) van die Lisensies (Wysigings) Wet, 1927.

2. Op en na die datum van aanvang van hierdie Ordonnansie sal dit nie veroorloof wees vir enige persoon om die besigheid van venter of marskramer uit te oefen nie op enige plek buite ’n munisipaliteit wat binne een myl geleë is van die besigheidsplek van iemand in besit van ’n lisensie uitgereik kragtens die bepalings van die Lisensies Konsolidasie Wet, 1925, en enige wysiging daarvan, wat sodanige persoon magtig om die bedryf van algemene handelaar uit te oefen. Enige persoon wat ’n bedryf of besigheid uitoefen in stryd met die bepalings van hierdie artikel, sal skuldig wees aan ’n oortreeing en sal by veroordeling blootstaan aan ’n boete van ten hoogste £50 of by wanbetaling aan gevangenisstraf sonder harde arbeid vir ’n tydperk van ten hoogste drie maande.

Beperking
wat plek
betref.

3. Die Venters en Marskramers Ordonnansie, 1928, word en is hierby herroep.

Her-
roeping.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Venters en Marskramers Ordonnansie, 1930.

Korte
tietel.

Ord. No. 3 van 1930. Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerk te word as voorlopige voorskotte.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1931, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1930, of waaroor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Korte tiitel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1930-1931) Ordonnansie, 1930.

Ord. No. 4 van 1930. **'N ORDONNANSIE**

Tot Bepanking en Reëling van, en die Uitoefen van Toesig op, Handeldryf deur Venters en Marskramers.

(Goedgekeur 19 Maart 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 26 Maart 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal **BEPAAL** as volg:—

Definiesies.

1. In hierdie Ordonnansie beteken—

„venter,” enige persoon wat, kragtens 'n lisensie behoorlik aan hom uitgereik in terme van die Lisensies Konsolidasie Wet, 1925, of enige wysiging daarvan, hetsy as hoofpersoon of bediende, die bedryf of besigheid uitoefen van die aanbied of uitstal vir verkoop, kwansel of ruil, nie op 'n vaste plek nie, van enige goed, en vir daardie doel van plek tot plek rondreis met goed op enige voertuig (uitgenome 'n voertuig deur homself voortbeweeg) of met 'n pakkier of ander vervoermiddel; maar sluit nie in enige persoon, soos bogemeld, wat vars vrugte of groente smous en geen ander goed nie, of enige persoon genoem in die vrystellings onder ietem 12

Skedule.

Nommer van Pos.	Diens.	Bedrag.	Ord. No. 2 van 1930.
		£	
1	Algemene Administrasie.....	239	
2	Onderwys.....	307	
3	Hospitale en Liefdadige Instellings.....	3,220	
5	Gemengde Dienste.....	593	
7	Kapitaaluitgawe:—		
	E. Werkloos.....	20,650	
	G. Spesiale Toelae van Unie Regering vir Wegaanleg.....	82,000	
	J. Hulptoelae — Warmbad Raad van Kuratore.....	2,550	
		£	
		109,559	

'N ORDONNANSIE Ord. No. 3 van 1930.

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £400,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1931.

(Goedgekeur 19 Maart 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 26 Maart 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Op en na die eerste dag van April 1930 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedraag dan die som van vierhonderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1931, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Ord. No. 1 Skedule.
van 1930.

Nommer van Pos.	Diens.	Bedrag.
		£ s. d.
1	Vir uitgawes ten opsigte van Algemene Administrasie.....	2,614 1 10
2	Vir salarisse en uitgawes ten opsigte van Onderwys.....	8,560 16 9
3	Vir uitgawes ten opsigte van Hospitale en Liefdadige Instellings.....	1,153 18 9
4	Vir koste ten opsigte van Weë, Brugge en Plaaslike Werke.....	2,797 10 2
	£	15,126 7 6
	Weëfonds.....£	4,498 16 11

Ord. No. 2 **'N ORDONNANSIE**
van 1930.

Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens £109,559 vir die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1929 tot die 31ste dag van Maart 1930.

(Goedgekeur 19 Maart 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 26 Maart 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

Prowin-
siale
Inkomste-
fonds
belas met
£109,559.

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1929 tot die 31ste Maart 1930, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens eenhonderd en nege-uisend vyfhonderd negen-en-vyftig pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1929-1930) Ordonnansie, 1929.

Hoe geld
sal
aangewend
word.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Prowinsiale Raad goedgekeur.

Korte
tietel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1929-1930) Ordonnansie, 1930.

'N ORDONNANSIE Ord. No. 1 van 1930.

Tot aanwending van 'n verdere som geld vir die Dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1928, tot dekking van sekere nie-gemagtigde uitgawe.

(Goedgekeur 19 Maart 1930.)

(Datum van inwerkingtree, 26 Maart 1930.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Prowinsiale Raad van Transvaal BEPAAL as volg:—

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds word hierby belas met die som van vyftienduisend eenhonderd ses-en-twintig pond, sewe sjielings en ses pennies tot dekking van sekere uitgawe buite en behalwe die bedrae toegeëien vir die Dienste van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1928. Bedoelde uitgawe is vermeld in die Skedule by hierdie Ordonnansie en is meer in besonder gespesifiseer op bladsy 21 van die Verslag van die Prowinsiale Ouditeur van Rekeninge vir die jaar 1927-28 en in die Verslag van die Gekose Komitee oor Publieke Rekeninge No. T.P.G.K. 1 van 1929.

Prowinsiale Inkomstefonds belas met £15,126. 7s. 6d.

2. Die Weëfonds-Rekening word hierby belas met die som van vierduisend vierhonderd agt-en-negentig pond sestien sjielings en elf pennies tot dekking van sekere uitgawe buite en behalwe die bedrae toegeëien vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1928. Bedoelde uitgawe is vermeld in die Skedule by hierdie Ordonnansie en word meer in besonder gespesifiseer op bladsy 22 van die Verslag van die Prowinsiale Ouditeur van Rekeninge vir die jaar 1927-1928 en in die Verslag van die Gekose Komitee oor Publieke Rekeninge No. T.P.G.K. 1 van 1929.

Weëfonds belas met £4,498. 16s. 11d.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Nie-Gemagtigde Uitgawe (1927-1928) Ordonnansie, 1930.

Korte titel.

INHOUD.
(Alfabeties.)

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY
1930		
2	Addisionele Toeëienings (1929-30).....	2
14	Algemene Handelaars (Kontrole) Wysigings.....	16
10	Derde Toeëienings (Deel 1930-31).....	13
12	Lichtenburgse Skoolraadverkiesing, 1930, Legalisasie.....	14
1	Nie-gemagtigde Uitgawe (1927-1928).....	1
18	Onderwyswet Wysigings.....	56
11	Ongedierte Uitroeiings Wysigings.....	14
21	Perdewedrenne en Weddenskappe Wysigings.....	62
20	Persoonlike en Inkomstebelastings Wysigings.....	60
16	Plaaslike Bestuur Pensioene.....	23
15	Plaaslike Bestuur Wysigings.....	17
8	Plaaslike Outoriteite Weë Wysigings.....	11
6	Prowinsiale Paaie in Munisipaliteite.....	7
7	Publieke Gesondheidsoorde.....	9
19	Publieke Hospitale Wysigings.....	57
22	Toeëienings (1930-1931).....	65
3	Toeëienings (Deel 1930-1931).....	3
17	Transvaalse Onderwysers Pensioene Wysigings.....	54
5	Twede Toeëienings (Deel 1930-1931).....	6
4	Venters en Marskramers.....	4
13	Vierde Toeëienings (Deel 1930-1931).....	15
9	Warmbad (Toesig en Beheer) Wysigings.....	12



ORDONNANSIES

VAN

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

1930

GEPUBLISEER OP LAS

En gedruk onder toesig van die Staatsdrukker

PRYS 7s. 6d.

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA

1930

8441—20/9/30—1,200.